# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 2.7 Vol 209 p 10965—11029

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1987-04-29

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:
ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:
ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 209

(Bladsye 10 965 - 11 029)

HOF HERVAT OP 29 APRIL 1987.

GCINUMUZI PETRUS MALINDI, v.o.e. (Deur tolk)

HOF : Mnr. Malindi, voordat die aanklaer begin, ons het gister gekyk na CA8(C), die foto en u kon nie mooi uitmaak wat op daardie plakkaat staan wat die persoon vashou wat genommer is 4 nie. Ek het ŉ vergrootglas saamgebring. Kyk ŉ bietjie deur die vergrootglas. Ekself lees die volgende daar. Op die boonste reël staan "All the". Gaan u daarmee saam? -- Ja, dit is so.

Dan volg "town"? -- Ja.

Dan volg ŉ woord wat blykbaar ŉ afkorting is vir "council". Ek maak dit uit, maar dit is nie baie duidelik nie, as "counc." Wat maak u van die woord? -- Ek lees dit ook maar dieselfde as "Town council", want die laaste woord na dit is "candidate". Dit kan lees "Town council candidate."

Is dit "candidate" of "candidates"? -- "Candidates".

Daar onder staan "all" en daar onder staan "oppressors". Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Nou kyk ŉ bietjie na die persoon op die foto deur die vergrootglas, dan sê u vir my wie staan op daardie foto? -- Ek ken nie die persoon nie.

Nie een nie? -- Ek identifiseer nr. 3 as Moketsi.

En wie nog? -- Hulle is die enigste persone wat ek kan identifiseer.

Net nr. 3? -- Ja, hy is die enigste persoon.

Is u nie op die foto nie? -- Nee, ek het gister gesê dit is ek wat gemerk is nr. 6 alreeds.

MR BIZOS : I may say, yesterday I proved to myself that my eyesight with my glasses is better than Mr Tip's who could not read it. I agreed with my glasses that that is what

it/...

it was.

MNR. JACOBS : Net voordat ons begin, ons het vasgestel dat beskuldigde nr. 10 sal blykbaar vanoggend 11h00 weer by die hof aansluit.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Malindi, jy sal saamstem dat op daardie foto en die mense wat jy hier geïdentifiseer het en die mense wat daar opgetree het, is daar mense van COSAS wat daar opgetree het? -- In die jaar 1983 is ek daarvan bewus dat Moketsi Blantile ŉ lid van COSAS was.

Jy sal ook erken dat daar ŉ lid van die sogenaamde Youth Congress was of die te stigte Youth Congress waarvan jy self een was?

HOF : ŉ Mens kan nie ŉ lid wees van ŉ te stigte Youth Congress en dan sê jy is self een daarvan nie.

MNR. JACOBS : Laat ek dit so stel, die organiseerders van die te stigte Youth Congress? -- Ek identifiseer niemand daar nie, behalwe myself.

Volgens daardie plakkaat is daar aangebring dat daar wel ŉ Bophelong Youth Congress was? -- Ek het nie daarvan geweet dat daar so ŉ kongres bestaan het nie.

As ŉ organiseerder van hierdie Youth Congresses het jy mos vir die Hof vertel dat daar was verskillende groepe in die verskillende gebiede? -- Ja, ek het dit gesê.

En dan het jy sekerlik tog geweet dat daar in Bophelong ook ŉ groep is? -- Ek het nie geweet nie.

Dan was daar mense van die VCA daarso wat ook daar buitekant gestaan het of wat daar buitekant was? -- Ek identifiseer Johnny Motete alleenlik.

So, daar was goeie samewerking tussen verskillende

groepe/...

groepe, verskillende organisasies of te stigte organisasies daar met VCA en die vlot verloop van hierdie vergadering? -- Ek het alreeds gesê daar is ŉ lid van COSAS en ŉ lid van VCA wat ek geïdentifiseer het daar. Ek weet net nie wat is die samewerking of ooreenkoms tussen die twee nie.

Dit is duidelik hulle het almal daar gestaan saam met jou met plakkate? -- Ja, dit is so.

Was jou broer daar gewees? -- Ja, hy was.

Aan watter organisasie het hy toe behoort? -- Hy was ŉ lid van COSAS in die jaar 1983.

So, hy is nog ŉ COSAS man. So, dit is eintlik dan twee? -- Dit is so, ja.

Julle het almal daarso gehelp met die hou van die plakkate en ook aan die mense verduidelik wat die vergadering is en dat hulle moet binne toe gaan, dié wat wil gaan? -- Ja, dit is so.

Almal van julle was ook baie gelukkig gewees om die UDF plakkate self en die banier ook te dra? -- Ek sien die plakkate van UDF daar, maar ek kan my dit nie herinner dat dit presies daar was nie, maar ek aanvaar dat hulle ook daar teenwoordig was.

En gehou was? -- En ek sien nie fout om dit te hou nie.

Ek het nie gesê dit is ŉ fout nie, maar die feit is, julle het dit gehou en die UDF geadverteer daarmee? -- Ja, dit is so.

Sodat die mense gesien het dat VCA, COSAS en dié wat georganiseer is, Youth Congress en dan ook daardie duidelike beeld daarvan, die Boipatong Youth Congress dat hulle almal saam werk? -- Op die foto's wat ons hier gesien het, sien ons daar is ŉ plakkaat van VCA, UDF en op die banier

staan/...

staan daar Youth Congress. Ek kan nie sien hoe die COSAS nou daar betrek word nie.

Julle, die mense van COSAS is mos bekend daar? Die mense van COSAS staan met hierdie pamflette?

HOF : Plakkate of pamflette?

MNR. JACOBS : Plakkate, ekskuus.

MR BIZOS : To the witness has been put "julle mense". That would obviously include him. His evidence has been clear that he was not in COSAS at the time.

HOF : Mnr. Jacobs, ek het die indruk gekry u korrigeer wat u gesê het, maar u moet dit duideliker doen.

MNR. JACOBS : Laat ek dit so stel aan jou,as ek dan weer die ding moet oorvat, dat COSAS mense, UDF mense - nie UDF nie, VCA mense en mense van die te stigte, die organiseerders van die te stigte Youth Congress en dan was daar 'n banier self van Bophelong Youth Congress. Al hierdie mense saam wat daarso gestaan het met hierdie plakkate, het 'n boodskap uitgedra aan die mense wat daar verbyloop of mense wat na die vergadering toe kom dat julle werk almal saam met UDF ook? -- In daardie tyd van Novembermaand het ons alreeds opgehou met die voorbereiding van die stigting vir die jeug-organisasie. My teenwoordigheid daar was dat ek daar was as 'n persoon omdat ek die beroep ondersteun het dat ons nie deelneem aan die stemmery nie en tweedens, wie ook al dit was wat daar gestaan het met 'n plakkaat wat die persoon getoon het, dit is nie eintlik dat daardie organisasie nou in samewerking is met ander organisasies nie. Dit is net daardie persoon wat daar staan wat daardie plakkaat hou.

Die ander mense en jy self het tog seker nie onnodig daar gaan staan nie? Julle het tog seker vir 'n doel daar

gestaan/...

gestaan. Is dit nie so nie? -- Ja, dit is so.

En ŉ mens hou seker plakkate daarso vas met ŉ doel? -- Ja, dit is so.

En een van die doelstellings was sekerlik om UDF te populariseer daarso onder die mense, daarom is UDF plakkate daar gehou? -- Dit was ŉ aanduiding gewees dat ons saam met die UDF stem waar die UDF sê die raadslede wat in werking gestel gaan word sal ons niks help nie.

En ŉ verdere doel met die plakkate was gewees om die mense te kry om nie te stem vir die raadslede nie? -- Ja, dit is so.

En om die raadslede onaanvaarbaar te maak by die mense as onderdrukkers? -- Ja, dit is so, hulle is onderdrukkers.

En dit is so adverteer aan die mense. Dit is die boodskap wat julle uitgedra het aan die mense? -- Daar was net een persoon gewees wat daardie soort plakkaat in sy besit gehad het. Ek weet nie wat die persoon se bedoeling was om daardie plakkaat te hou nie, maar ek as ŉ persoon erken dat dit die geval is.

HOF : Laat ek net by die onderwerp stilstaan. Kyk ŉ bietjie na BEWYSSTUK CA8(G) met die vergrootglas na die plakkaat wat u self vashou. As ek die ding reg lees staan op die plakkaat wat u vashou ook "oppressors"? -- Ja, dit is amper identies aan die een wat ons nou net na gekyk het.

Wat deur wie vasgehou was? -- Deur nr. 3 op die vorige foto.

Ek dink dit is nr. 4. CA8(C). -- Ja, dit is nr. 4.

MNR. JACOBS : So, met die hou van daardie plakkaat wat jy self gehou het, is ek korrek, dat jy was baie beslis daaromtrent om die mense te oortuig dat die raadslede is

onderdrukkers/...

onderdrukkers? -- Ja, dit is so.

En om dit dan by die mense tuis te bring die raadslede is onderdrukkers is om die mense sover te kry dat hulle moet hierdie raadslede totaal verwerp? -- Ja.

En dit was ook die doel van die vergadering wat binne-in die gebou gehou was? -- Ja, dit was die doel gewees dat daar geen stemmery gedoen moet word vir hierdie verkiesings nie.

HOF : Hoekom het u gesê in November 1983 is die raadslede onderdrukkers? -- Dit het ek gesê omdat die raadslede sou deelgeneem het in die struktuur van die raadsisteem wat bedoel om voort te sit die behandeling van ons, dat ons vir lewenslank onderdruk moet wees. Byvoorbeeld, ek is gebore in Evaton wat in die dorpsgebied geleë is. My ouers is van die Vrystaat afkomstig. Volgens die nuwe wet, die nuwe konstitusie en die Koornhof Bills, was dit eintlik bedoel om saam te werk in uitvoering van daardie wette, wat dan sou veroorsaak het dat die meerderheid van ons na die tuislande gestuur sou word. Die raadslede het ingestem om deel te neem daaraan om bygevoeg te word met die oog daarop dat hulle dit sal uitvoer dat ons ons politieke regte ontneem word. Met ander woorde, hulle neem deel aan my onderdrukking. Hierdie tuisland wat verwag word dat ek soontoe moet gaan as my tuisland, het ek nog nooit vantevore besoek nie. Dit is net omdat ek Zulusprekend is dat dit beskou word as my tuisland. Ek het ook geen familielid in daardie plek nie. Ek sien my lewe as 'n volle Suid-Afrikaner se lewe wat nie verdeel is met tuislande nie. Ek beskou myself as 'n burger van Suid-Afrika wat nie veronderstel is om gesê te word volgens die Groepsgebiedewet waar om te gaan woon en waar nie. Almal wat deelneem aan daardie tipe strukture is besig om

my/...

my regte te verkoop.

HOF : Kan u die persone wat staan as kandidate in die komende verkiesing in November 1983 vir die Swart plaaslike bestuur enigsins koppel aan die Grondwet? -- Die nuwe Grondwet wat in werking gestel gaan word gee sekere regte aan ander rasse, soos byvoorbeeld die Kleurlinge en Indiërs se regte. Dit word beweer dat ek my regte gaan uitvoer in die tuislande, maar aangesien ek nou in die Blankewoonareas is, "urban areas", sal ek dan regeer word deur die raadslede. Dit sien ek as een ding wat in die Grondwet vervat word as een van die maniere om my te maak dat ek my regte van Suid-Afrika as 'n burger verloor.

Is dit nie so dat u - ons praat nou net van u persoonlik - u teenstand teen die sisteem van plaaslike bestuur, was 'n metode van protes teen die regering? -- Al was daar sekere dinge volgens my siening wat plaaslik reggestel kon gewees het, was dit op die ou end my gevoel gewees dat die regering self moet verander.

En onder andere was u teëstand teen die plaaslike bestuur 'n manier van protesteer? -- Toe ek die aanduiding bekend gemaak het dat ek nie van plan was om te stem vir die plaaslike raadslede nie, was dit die bekendmaking van my gevoel dat ek nie deel gaan neem aan hierdie tipe van regering soos dit behels word deur die raadslede nie.

Ja, maar ek probeer nou - ek probeer u nie kruisvra nie, ek wil presies weet waar ek staan met u. Was u groot beswaar dat hierdie plaaslike bestuur nie baie effektief gaan wees nie omdat hy nie behoorlike finansies het nie of was u groot beswaar dat die plaaslike bestuur deel is van 'n onderdrukkende sisteem en dat u daarteen in opstand kom? -- Ek was bereid

om/...

om ȟ kampanje uit te voer vir ȟ plaaslike bestuur of goewerment wat vir ons in die Swartwoonbuurtes aanvaarbaar is wat goed was vir ons. Terselfdertyd was ek daarvan bewus dat die Suid-Afrikaanse regering het ons ons politieke regte ontneem. Hierdie dinge gebeur gelyktydig. Ek kan nie ȟ onderskeid maak nie. Dit hang nou net af tydens my toespraak of dit nou gemik is op die plaaslike bestuur en of dit nou gemik is op die hele regering van die land as geheel. Tweedens, dit hang natuurlik ook af van die klagte wat ek oor kla. Of dit nou plaaslik reggestel kan word en of dit nou die hele goewermentsisteem benodig om reggestel te word.

Nou wil ek van u dit weet. Wat was u eie standpunt gewees in November 1983? Was dit dat u probleme op plaaslike vlak plaaslik reggestel kan word, of was dit dat ȟ mens eintlik net u probleme op plaaslike vlak kan regstel as jy die ding heel bo regstel, dit wil op sentrale regeringsvlak? -- My verklaring destyds was dat wat die regering vir my gee is nie genoeg nie. Dat die regering vir my genoeg regte gee.

Genoeg regte plaaslik of in die land se regering op sentrale vlak? -- Die volle regte in die sentrale regering van die land.

Was dit u standpunt dat omdat u nie daardie regte het nie, u nie bereid is om hierdie plaaslike bestuur te aanvaar nie? -- Het die plaaslike regering, dit wil sê die bestuur, die volle regte gehad, sou ek dit aanvaar het. Intussentyd sou ek dit dan goed moes ontleed om te kan sien wat my bydrae kan wees om nog meer te kry in die regte van die plaaslike bestuur - in die sentrale goewerment.

Maar wat sê u volle regte? As die plaaslike bestuur volle regte gehad het sou u dit aanvaar het. Wat bedoel u

met/...

met volle regte? -- Byvoorbeeld dat die plaaslike regering genoegsame geld gehad het om ŉ verbetering te bring in ons lewe in die lokasies, sou ek dit aanvaar, dat dit ŉ plaaslike bestuur is met genoegsame behuising en behuising wat eintlik in ŉ goeie aanvaarbare toestand is vir bewoning.

En wat nog? -- Dat dit ŉ plaaslike bestuur is wat in staat gaan wees om die klagtes te verminder byvoorbeeld van die elektriese beligting en die toestand van sanitasie te verbeter, dat ons paaie in ŉ aanvaarbare toestand is, dat daar genoegsame plekke is vir gesondheidsdoeleindes en vir plesier hou plekke. So ŉ plaaslike bestuur wat in staat kon gewees het om aan al hierdie dinge aandag te kon gee en ŉ verbetering daaromtrent te bring, sou ek destyds aanvaar het as ŉ plaaslike bestuur.

Nou begryp ek u nie heeltemal nie. Dit beteken dus dat hierdie plaaslike bestuur voldoende befondsing sou gehad het , dan sou u hulle nie as onderdrukkers beskryf het nie, maar nou omdat hulle nie genoeg fondse het nie, noem u hulle onderdrukkers? -- Dat indien hulle nie ... (Hof kom tussenbei)

Nee, wag ŉ bietjie, ek wil nou u antwoord hê. Is dit reg?

MR BIZOS : Your Lordship did not hear what the witness said. The interpreter had not yet translated it.

HOF : Dit is korrek en ek wil vir u sê u is nie besig om my vraag te beantwoord nie, maar gee maar die antwoord? -- As hierdie plaaslike bestuur die gebruik van die instromingsbeheer verder sou uitgevoer het, byvoorbeeld artikel 10. Dit is een van die wette wat veroorsaak dat daar beweer word dat ons nie die reg het om in die lokasies te woon nie en ons behoort in die tuislande.

MR BIZOS/...

MR BIZOS : My Lord, with the greatest respect, I wish to place something on record. Your Lordship used the word "opstand"?

COURT : Yes, that was not intended as violent and I do not think it was understood as violent.

MR BIZOS : With the greatest respect, in order to make sure I looked the word up in the dictionary and one of the primary meanings of "opstand" is revolt. Where an accused person is facing a charge of treason and the evidence that he is questioned upon is to the holding of a placard, any suggestion that that is any form of revolt is with the greatest respect unfortunate.

COURT : Yes, it is noted.

MNR. JACOBS : Die gevoel wat jy nou hier vir die Hof beskryf het, het dit voortgeduur en tot vandag toe nog? Hierdie hele kampanje in die Vaal na 3 September totdat jy gearresteer is? -- Dit het onmiddellik ontstaan toe ek bewus geword het dat ek nie beskou word as ŉ inwoner van Suid-Afrika nie. Tot op datum is dit maar nog dieselfde.

Dit was ook die dryfveer in die hele kampanje in die Vaal gewees? -- Watter kampanje?

Teen die Swart plaaslike besture op 3 September en ook selfs daarna tot jy gearresteer is? -- Dit hang van hierdie kampanje af watter tyd dit uitgevoer moet word. Daar is tye waar die kampanje uitgevoer was om die protes teen die regering as geheel te maak. Daar was sekere tye waar die kampanje uitgevoer was op ŉ sekere punt, ŉ spesifieke probleem, waaraan die mense aandag wou gegee het op die regte manier wat hulle gevoel het om dit te adresseer.

Was dit die gevoel onder jou medelede toe jy in die

bestuur/...

bestuur van COSAS gedien het? Was dit ook die gevoel van die ander lede van COSAS, COSAS as ŉ bestuur? -- Nee.

Het COSAS nie as ŉ geheel as ŉ organisasie, die Vaal tak daarvan, juis teen die regering en die regering se instellings of gesagstrukture wat nie aanvaar is nie, geprotesteer nie? -- COSAS het net daar bekendgemaak dat COSAS nie tevrede is met sekere dinge aangaande die onderwys nie. Dit wil sê dit was gemik op die Bantoe-onderwys se leemtes wat COSAS gevoel het nie reg is nie.

MR BIZOS : I wish to place on record in objection, the cross-examination as I understand it does not distinguish the period during which the prosecutor is talking about. This witness's evidence has been that he ceased to be connected with COSAS in May 1982. This indictment starts the beginning of 1983. I would submit that cross-examination as to what the policy of COSAS was prior to the beginning of 1983 except for the possibility of the continuity and what knowledge he may have had thereafter, is inadmissible and Your Lordship should not allow lengthy cross-examination as to what COSAS was about before the period of the indictment.

MNR. JACOBS : Ek dink My Geleerde Vriend het die getuienis self aangebied van die beskuldigde se verbondenheid aan COSAS voor - van die begin af. Die getuienis wat hy gegee het wanneer hy voorsitter geword het van COSAS, wanneer hy sekretaris geword het, is getuienis wat die verdediging aangebied het. Ek kan daarop vra. Ek kan sekerlik vra wat was COSAS se gevoel solank hy daarin was. Dit is nie iets wat - dit is vir my baie eienaardig dat My Geleerde Vriend kom en beswaar maak, hy lei getuienis en ek kan nie daardie

getuienis/...

getuienis toets nie.

MR BIZOS : I would like to reply to that. The reply to that is that the allegation is that he was a member of COSAS during the period of the indictment. In order to rebut that suggestion the evidence was led when he was a member of COSAS and I submit that I was entitled as part of the historical background to lead when he was a member of COSAS in order to show when and why he no longer was a member of COSAS.

COURT : Is it not relevant what, during the period of the indictment, his political feelings were and if that is so, would it not be relevant what the policy of COSAS of which he was a leading member was a year previously?

MR BIZOS : I would concede that and I think that I eluded to that in my objection originally that if the witness's credibility is to be tested, if he came along and said that Bantu Education was a wonderful thing, then he can obviously be asked when was he chairman of COSAS and what did the COSAS constitution say. I would have no objection to that sort of question, but what I do submit, is that the doings of COSAS before the period of the indictment are not relevant to this issue. I am not saying that he cannot be asked any questions about COSAS, but what I am saying is that we are not concerned with what COSAS may or may not have been doing prior to the beginning of 1983 except if the relevance can be directed to the witness's personal views. I do not mind that, but I understand the cross-examination to be what COSAS was doing without specifying the period.

HOF : Wat probeer u vasstel?

MNR. JACOBS : Ek probeer vasstel wat die hele benadering

van COSAS was in die tydperk toe hy daaraan verbonde was ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wel, die hele benadering van COSAS klaarblyklik net dié gedeelte waar hy by betrokke was.

MNR. JACOBS : Die deel waar hy die voorsitter was.

HOF : Nie COSAS in Durban en COSAS in Grahamstad en orals nie?

MNR. JACOBS : Nee, ek het bedoel die Vaal. Ek het dit ook genoem toe ek vir hom die vraag gevra het, die Vaal tak van COSAS.

HOF : En dan ook met die oog op sy huidige standpunt, huidig synde in die tydperk van die akte van beskuldiging.

MNR. JACOBS : Op daardie standpunt wat hy geopenbaar het wat hy self sê syne is, word dit ook gedeel as die standpunt van die hele organisasie waar hy die voorsitter van was. Maar dit is nie so belangrik nie. Ek sal ŉ ander vraag stel wat wel tersaaklik is. Ek sal eers ŉ ander aspek opper, dan sal ek weer terugkom hiernatoe. Ek sal die vraag dan anders stel. Ek wil net hoor van hom, toe julle met die stigting van die "youth" organisasie besig was, het julle ŉ komitee gekies in die Vaal? -- Nee, ons het nie.

In Julie 1983 het julle nie ŉ komitee gekies waarvan jy die voorsitter was nie? Noem dit dan ŉ werkskomitee? -- In Junie/Julie in daardie tydperk 1983 is daar ŉ komitee wat ons gekies het. Ek kan net nie onthou of ons posisies, dit wil sê kantore vir die mense gegee het in daardie komitee nie.

HOF : U bedoel ampte? -- Ampte, ja. Dit was eintlik nie ŉ amptelike komitee gewees nie. Dit was net ŉ "working group".

MNR. JACOBS : Hoekom het jy netnou gesê julle het nie ŉ komitee gekies nie?

HOF/...

HOF : Ons moet nou net duidelikheid kry. Dit is op ŉ stadium genoem ŉ "action committee" in die vertolking en hier word nou gepraat van ŉ werkskomitee. Ek weet nie of ŉ "action" komitee en ŉ werkskomitee dieselfde ding is nie. U sal dit moet opklaar.

MNR. JACOBS : Laat ons nou van jou duidelikheid kry. Wat se komitee het julle gekies? -- Ons het ŉ "working group" gekies wat moes toegesien het dat daar ŉ jeugorganisasie gestig word in die Vaal. Almal wat belang gestel het daarin het aan hierdie groep behoort. Ek kan nie spesifiek onthou of daar enige persone gekies was soos ŉ voorsitter of ŉ sekretaris ensovoorts nie.

HOF : As u sê van die Vaal, bedoel dit nou Sebokeng alleen? -- Ek praat van al die Swartwoonbuurtes in die Vaal Driehoek.

MNR. JACOBS : Was daar nie ŉ verteenwoordiger gekies op hierdie werksgroep of komitee wat jy nog nie vir ons gesê het of dit nou - wat jy nou noem ŉ "working group", dat elke gebied verteenwoordig was op hom nie? -- Daar is sekere plekke wat nie mense gehad het wat op hierdie werksgroep gedien het nie.

Antwoord nou net my vraag. Het julle van die gebiede verteenwoordigers gekies wat die gebiede verteenwoordig het op hierdie werksgroep? -- Ja, dit is so.

Was Evaton verteenwoordig op hierdie groep? -- Ja, dit is so.

Wie is gekies om Evaton te verteenwoordig op hierdie groep? -- Peter Kekane was ŉ persoon wat in Evaton gewoon het en hy het ook belang gestel in die stigting van hierdie organisasie.

Is hy gekies as die verteenwoordiger van Evaton? --

Hy/...

Hy was gekies dat hy mense in Evaton sal moet verkry wat ook belang stel om saam met hom in Evaton te werk.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry oor hierdie kies. Kies kan wees in Evaton is daar ŉ vergaderinkie gehou en daardie mense het toe iemand gekies wat aangewys is op ŉ sentrale komitee wat die werksgroep was. Andersom kan dit wees dat ŉ klomp persone bymekaar gekom het en hulle, die werksgroep, het iemand aangewys wat in Evaton woon en daar moet gaan werk. -- Ons het daar bymekaar gekom van verskillende areas. Wat gebeur het is ons wat daar bymekaar gekom het, sê byvoorbeeld ons het twee mense wat van Evaton af kom, besluit "Julle twee, aangesien julle nou in Evaton woon, sal julle dan toesien om die werk verder uit te voer in Evaton om ander mense nog by te kry wat belang stel met die uitvoering van hierdie werk.

MNR. JACOBS : Dit het op 14 Julie gebeur 1984, nè? -- Ek kan nie die datum onthou nie.

Laat ons dan nou die hele ding duidelik kry. Toe was daar verskillende mense van verskillende gebiede in die woongebied Vaal Driehoek daar bymekaar by een vergadering waar jy die voorsitter was. Is dit reg? -- Dit het gebeur terwyl ons daar bymekaar was. Ek kan net nie onthou of ek daar as ŉ voorsitter gedien het of iemand anders daar as ŉ voorsitter opgetree het nie.

Daar was toe, omdat daar verskillende mense was wat van verskillende plekke afkomstig was, besluit op daardie vergadering dat julle sal verteenwoordigers van elke gebied kry om saam te werk? -- Ja, dit is so.

Net om duidelikheid te kry, hoeveel verteenwoordigers het julle besluit sal op hierdie werksgroep gekoöpteer

word/...

word uit elke gebied uit? Sou dit een wees of sou dit twee wees of sou dit meer gewees het? -- Ek onthou nie dat ons spesifiek aan 'n aantal persone besluit het nie.

Jy het nou vir ons gesê uit Evaton is gekies die persoon Peter Kekane? -- Ja, dit is so.

Is jy gekies op daardie werksgroep en watter gebied het jy verteenwoordig, indien wel? -- Ek het Gebied 13 verteenwoordig.

Was jy die enigste verteenwoordiger van Gebied 13 of was daar meer as een van julle gekies van Gebied 13? -- Ek onthou nie, maar Oupa Mariletsi het saam met my in Gebied 13 gewerk. Kehla Guyama ook.

Laat ons net duidelikheid kry oor wat saam met jou gewerk het. Was hulle ook op hierdie vergadering van Julie 1983? -- Ek onthou nie.

Of het jy hulle agterna gewerf toe jy op hierdie vergadering die verteenwoordiger geword het van Gebied 13? -- Ek onthou dit nie.

HOF : Ek wil net duidelikheid kry. U was netnou nie seker of dit 14 Julie 1983 was nie. Die aanklaer het nou aan u gestel Julie 1983. Was dit Julie 1983? -- Ek sê nog steeds so. Ek kan nie onthou of dit Junie of Julie was nie in 1983 nie en ek kan nie die presiese datum onthou nie.

MNR. JACOBS : Wie is gekies om Gebied 14 te verteenwoordig? -- Wat ek onthou is dat Gebied 14 se groep het bestaan uit verskillende persone. Abner was een van hulle.

HOF : Wat is sy van? -- Ek kan nie onthou wat sy van is nie.

Is dit A-b-n-a-r of A-b-n-e-r? -- A-b-n-e-r.

En wie nog? -- Ek kan net nie sê of hy by die vergadering teenwoordig was waar die besluite geneem was nie.

Is/...

Is dit net hy? -- Ek onthou die persoon met die naam van Mamsi. As my geheue my nie in die steek laat nie het sy later by die werksgroep aangesluit.

Dit is ʼn dame? -- Ja. Ek kan nie die ander onthou nie.

MNR. JACOBS : Noem vir ons ʼn volgende gebied wie se verteenwoordiger daar was en daar gekies was? -- Gebied 7. Teenwoordig daar was Tshipa Motubatsi.

En hy was gekies as die verteenwoordiger van Gebied 7? -- Van Gebied 7 daar teenwoordig ook was Modise Reuben, Khulu Maseko en nog andere wie se name ek nie kan sê nie.

Wie is gekies? Is dit net Tshipa of is al hierdie mense gekies op daardie werkskomitee? Werkgroep? -- Ek kan nie onthou hoeveel hulle in getal was nie, wat ek wel kan onthou is dat Tshipa was daar.

En gekies?-- Ek neem aan hy was gekies.

Watter ander gebied? -- Gebied 3.

Wie was gekies as die verteenwoordiger op die werksgroep van Gebied 3? -- Simon Vilakazi, die gewese beskuldigde nr. 18. Hy was daar in Gebied 3 gewees saam met David Radebe.

Was David Radebe ook gekies as ʼn verteenwoordiger van Gebied 3? -- Ek onthou nie of hy gekies was nie. Ook Tau Radebe was daar.

Was hy gekies? -- Nee, ek onthou nie.

Watter ander gebied? -- Gebied 12, Master Masango. Dit is soveel as wat ek kan onthou.

Wat van Gebiede 11 en die ander, 8? -- Ek kan nie van ʼn persoon onthou wat in Gebied 11 was wat in die groep was nie. Dieselfde geld vir Gebied 8.

Wat was die opdrag van hierdie groep?

HOF : Net voor u daarby kom, het die groep nou hier opgehou

of/...

of was daar ook nog iemand van Sharpeville? -- Nee, daar was niemand van Sharpeville nie.

En Boipatong? -- Nee, daar was niemand as 'n verteenwoordiger van Boipatong nie.

En Bophelong? -- Dit was ook nie verteenwoordig deur iemand daarvandaan nie.

MNR. JACOBS : Beskuldigde nr. 13, was hy nie ook 'n lid van julle groep nie, Simon Nkoli? -- Nee, hy was nie.

Het hy saam met jou gewerk in jou gebied alleen? -- Nee.

Het jy mense gewerf om aan te sluit by hierdie jeug-organisasie?

MR BIZOS : The evidence is that no organisation was formed.

MNR. JACOBS : In hierdie jeuggroep.

MR BIZOS : In this working committee.

MNR. JACOBS : Nie net in die "committee" nie, in die jeug ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Beweging.

MNR. JACOBS : Beweging, dankie. -- Daar is mense wat ek versoek het om ons te help in die groep van Gebied 13.

En onder andere IC.8 het jy probeer werf om te help en deel te word daarvan? -- Nee, hy is nie een van die mense wat ek versoek het nie.

Wat was die opdrag gewees op hierdie vergadering toe julle die verteenwoordigers so gekry het van die verskillende gebiede en 'n werksgroep gevorm het, aan die verskillende verteenwoordigers? -- Dat hulle moet maak om in aanraking te kom met die jeug, veral dié wat kennis het oor sekere dinge of kennis opgedoen het oor sekere dinge en van hulle verneem of die persone nou saamstem met die idee van die stigting van die jeugorganisasie in die Vaal. Hulle

moet/...

moet soveel persone verkry as wat hulle kan wat met hierdie gedagte saamstem.

Ek verstaan nie, hoekom sê jy nie vir ons nie, wat saamstem met sekere dinge. Hoekom sê jy nie vir ons wat is die dinge nie? Sê vir ons asseblief? Wat saamstem met watter sekere dinge? -- Soos ek alreeds gesê het, wat ons in gedagte gehad het was dat ons miskien "cultural clubs" sou gestig het en miskien "literacy classes" organiseer of miskien ŉ groep van mense organiseer wat kan skryf.

HOF : U bedoel om hulle te leer skryf of skrywers van boeke en gedigte? -- Skrywers bedoel ek van boeke en gedigte.

MNR. JACOBS : Skrywers soos IC.8? -- Nee, ek ken hom nie as ŉ skrywer nie.

Gaan aan? -- En ander aktiwiteite van die jeug, byvoorbeeld daar is van hulle wat dans. Om ŉ dans te organiseer en miskien "sporting events" te organiseer, dinge wat te doen het met sport. Miskien moet ons "educational tours" organiseer, toere. Dit is nou dinge waarvan ek praat wat oorgedra moes gewees het aan die ander jeug wat ons van plan was om te doen.

Was daar nie plaaslike sportklubs daar nie? -- Daar is baie sokkerklubs. In Sebokeng is daar ook ŉ gholfklub.

Sou julle nou hierdie fasiliteite dupliseer? -- Nee, indien die ander klubs nou ingestem het om saam met ons te werk, sou ons die ander mense aangemoedig het om by hierdie klubs aan te sluit, dit wil sê die bestaande klubs.

HOF: Moes die klubs dan by julle affilieer? -- Die idee was òf hulle affilieer by ons òf anders moet daar ŉ "working relation" wees tussen ons en hulle.

Wat bedoel u met ŉ "working relation"? -- Dat hulle

ons/...

ons nooi byvoorbeeld as hulle nou iets aan die gang het vir ȟ dag, dat ons ook deel kan neem aan dit wat hulle vir daardie dag gaan hou.

Sou die jeugorganisasie wat gestig moet word ȟ sekere politieke uitkyk hê? -- Al het ons nog nie daaromtrent besluit nie, was my siening daarvan dat indien daar enigiets was wat die gemeenskap geaffekteer het, terwyl hierdie jeugorganisasie bestaan het, sou ons daarmee ook te doene gehad het.

Nee, maar ek wil nou weet, sê byvoorbeeld ȟ aktiewe ondersteuner van die plaaslike bestuursisteem van die raadslede, sou hy welkom gewees het in hierdie jeugorganisasie? -- Ja, hy sou toegelaat geword het om as ȟ lid aan te sluit.

Het julle enigiemand in die werksgroep gehad wat daardie siening gehad het? -- Ja, Khulu Masego van Gebied 7 was die persoon gewees. Ek weet nie hoeveel hy betrokke was in die ondersteuning nie, maar ȟ mens kon hoor van sy praatjies dat jy eintlik die dorpsraad se steun aanvaar.

MNR. JACOBS : Wil jy nou vir die Hof sê dat ȟ organisasie wat uitgegooi is uit ȟ politieke organisasie, mense wat daar uitgegooi is, nou nie meer hulle politiek kan beoefen nie, sal nou ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Uitgegooi is darem nou ȟ vreeslike kras woord. Bedoel u die lidmaatskap is beëindig?

MNR. JACOBS : Hulle lidmaatskap is beëindig. Hulle is nie meer daar toegelaat in ȟ politieke organisasie nie, sal nou kom ȟ kulturele organisasie stig? Is dit wat jy regtig wil hê die Hof moet glo en geen politiek meer nie?

MR BIZOS : Could I suggest a very simple way - I better not interfere. Let he work it out. I think the witness will

deal/...

deal with it.

HOF : Verstaan u die vraag? -- Ek verstaan die vraag. Byvoorbeeld in die UDF, daar is verskillende organisasies wie se sienings heeltemal verskil, maar net omdat daar een klein dingetjie is waaroor hulle ooreenstem, is hulle dan bymekaar by hierdie aangeleentheid. Daarom het ek geen probleme gehad om met die persoon te gaan dans wat eintlik die raadslede se steun aanvaar het nie. Dit sou van daardie persoon afgehang het, byvoorbeeld as daar iets gedoen word in die organisasie waarvan hy nie hou nie, dat die persoon nou besluit of hy nog aanbly as 'n lid en of hy sy lidmaatskap maar stop.

By u? -- Ja, by ons of dat die ander organisasie of klub miskien besluit kyk, die "working relation" waarvan ek vroeër gepraat het, word nou hier gestop.

MNR. JACOBS : Was die idee dan nie juis gewees om sulke jeugkongresse of "congresses" in die lewe te roep juis om voorsiening te maak vir polities aktiewe mense wat nou nie

K656 meer aan COSAS kan behoort nie? -- Ons in die Vaal Driehoek het hierdie idee gehad wat ek nou net pas verduidelik het hoekom ons daardie jeug moes gestig het.

En tog het jy gewag voordat jy begin aktief word het hieroor totdat die persoon wat op die komitee gedien het wat aangestel was om die landswye stigting van jeugorganisasies te ondersoek eers aan jou gerapporteer het?

MR BIZOS : What is the prosecutor referring to? I cannot from the description identify any evidence that the witness has given.

HOF : Kehla Mthembu, wie was hy? -- In die jare 1981/82 was daardie persoon die president gewees van AZAPO.

Ek/...

Ek het die verkeerde naam.

MR BIZOS : Perhaps the witness should be asked. I think there was some reference to a person called Mandla that Your Lordship is referring to.

COURT : That may well be, yes. Noem hom op sy naam, mnr. Jacobs, dan kan ons die ding gou opklaar.

MNR. JACOBS : Dan sal ek net moet seker maak. Ek kon ook nie die naam presies onthou het nie, maar ek onthou hy het gesê daar was ꞌn verteenwoordiger - jy het vir ons gesê daar is mense wat ꞌn komitee gevorm het in Kaapstad en waar daar ꞌn verteenwoordiger van Transvaal was. Wie is die verteenwoordiger? -- Mandla Nkofe.

Dan sal ek net daar byvoeg, dan wag jy eers tot Mandla aan jou rapporteer dat daar die groen lig gegee word om voort te gaan met die stigting van jeugorganisasies? --

MR BIZOS : My recollection of the evidence is to the contrary.

COURT : I thought that the witness said that they waited for Mandla to report back.

MR BIZOS : And he never turned up. The question that is put is that you waited for the green light and once you got it, you formed an organisation.

MNR. JACOBS : Hy het nooit gesê Mandla het nie opgedaag nie. Hy het juis gesê Mandla het gerapporteer. Dit was my nota gewees.

HOF : My nota ook, maar laat ons eers die getuienis opkyk. Evidence is as follows "Mandla Nkofe was elected by the conference. We were supposed to wait for him and he represented the Transvaal in the committee and we waited for him to report. Mandla Nkofe in 1983 April or May. He reported

that/...

that it was agreed upon the launch of such an organisation and told us that we could also go ahead and launch it in the Vaal Triangle."

MNR. JACOBS : Kan jy nou vir ons antwoord?

HOF : Kan u net die vraag herhaal, asseblief?

MNR. JACOBS : Jy wag tot Mandla die groen lig gee voordat jy voortgaan - spesifiek wag jy dat Mandla eers terugkom en aan jou rapporteer dat jy kan voortgaan met die stigting van hierdie organisasie en wanneer jy die groen lig kry, dan begin jy organiseer. Hoe verklaar jy dit dan? -- Die idee het bestaan na daardie tyd, dit wil sê na Meimaand 1982. Toe Mandla in April 1983 vir ons daar kom sien het, het ons toe begin met die voorbereidings.

So, jy het gewag tot Mandla vir jou kom sê julle kan voortgaan met die stigting van hierdie organisasies en toe begin julle dit stig? -- Het dit miskien langer geneem voor hy teruggekom het, dit wil sê na hierdie tyd wat hy teruggekom het, sou ons op ons eie voortgegaan het, maar ek stem saam met u dat ons ernstig geword het met hierdie werk na Mandla teruggerapporteer het.

En toe Mandla teruggerapporteer het, was die idee dat dit 'n politieke organisasie sou wees om voorsiening te maak vir mense wat nie meer in COSAS kan dien nie? -- Nee, dit is nie wat hy gesê het nie.

Maar dit was tog die idee by die kongres? -- Nee, dit is nie so nie.

In elk geval, julle moes nou - jy sê julle opdrag was as hierdie werksgroep - mense gaan werf en kry en te hoor of hulle saamstem met die idees van sekere dinge. Aan wie moes teruggerapporteer word? Waar moes hierdie inligting

dan/...

dan bymekaar gekom het weer?

HOF : Wie rapporteer?

MNR. JACOBS : Die verteenwoordigers.

HOF : Moes aan wie rapporteer?

MNR. JACOBS : Dit is wat ek wil weet. -- Na ons die "working groups" vir die areas gekies het, het ons weer oorgebly daar as ŉ "working group" wat dan toesig gehou het oor die ander "working groups" wat ons gekies het, wat dan terug moes gerapporteer het aan ons wat toesig gehou het oor die ander "working groups".

Wie is hierdie toesighoudende werksgroep, "working group"? -- Die meerderheid van die mense wat in die "working group" areas gedien het, het ook op hierdie toesighoudende "working group" gedien.

Jy sê die meerderheid. Wie is die ander lede wat nie by die lede van die areas se werksgroepe was nie, wat op hierdie oorkoepelende werksgroep gedien het? -- Nee, daar was niemand nie. Al die mense wat in hierdie hoof "working group" gedien het, het aan die klein "working groups" van areas behoort. Dit wil sê hulle het daar gedien.

Maar hoekom gebruik jy dan die woord die meerderheid? -- Byvoorbeeld in Gebied 7 het ek omtrent drie name getel Modise, Khulu Masego en Reuben Tshipa Motubatsi. Van die drie het twee miskien in die hoof "working group" gedien en net een het nie daar gedien nie.

Ek verstaan nie. Toe jou getuienis-in-hoof gegee is in verband met hierdie mense wat die werksgroepe gevorm het, wat hierdie organisasie gedoen het vir die stigting van ŉ jeugorganisasie, het jy gesê as dit nodig is en as jy gevra word sal jy die name kan gee. Kyk hoe sukkel ek met jou

oor/...

oor die name. Gee dan asseblief vir ons die name van die hoof oorkoepelende groep dat ons weet wie is hulle dan? Ek sukkel nou al omtrent ŉ uur om net die name uit jou uit te kry. Asseblief, help ons dan.

MR BIZOS : I submit that the witness has been most forthcoming with names. I think the witness is at cross purposes with the prosecutor. I think that the prosecutor misunderstood one of the early answers. It was those representing the majority in the area committees that were sent to the controlling committee, but the prosecutor, if I understands his question, has interpreted that to have been the majority of the central group, so to speak. I think that is where he is misunderstanding this.

MNR. JACOBS : As jy dan die name kan verskaf, soos dit gesê is ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Laat ons nou net eers duidelikheid kry. Ek het u verstaan om te sê dat die sentrale, kom ons noem dit maar die sentrale toesighoudende werksgroep het bestaan uit al die verteenwoordigers wat aangewys is vir die gebiede en dan ook nog ander persone van die gebiede. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Op daardie basis moet u voortgaan.

MNR. JACOBS : Kan u vir ons die name gee dan van die sentrale groep, dat ons dit dan kry?

HOF : Maar ons het dit mos al gehad. Wil u al daardie name weer hê?

MNR. JACOBS : Hy het net party genoem van die sentrale groep. Is daar nog ander name as die mense wat jy genoem het? Jy noem drie name van ŉ plek en dan sê jy jy weet nie. Dit is wat ek nou net probeer vasstel. As jy net vir ons die

sentrale/...

sentrale groep se lede wat dit uitgemaak het kan gee.-- Al die mense wat ons uitgewys het as verteenwoordigers van areas het in die hoof "working group" gedien wat dan die toesighouer "working group" was. As u wil hê dat ek vir elkeen weer ŉ naam moet gee, sal ek dit doen.

Goed, gee dan vir ons die naam van die verteenwoordigers wat op hierdie hoofgroep gedien het?

HOF : Nee, wag so ŉ bietjie. Hy het vir ons gegee wie die verteenwoordigers was sover hy kon onthou van die verskillende gebiede. Nou wil u daardie name ook weer hê, want dit is alles afgeskryf?

MNR. JACOBS : Ek het ŉ bietjie ŉ probleem dat hy gesê het hy kan nie sê of hulle verteenwoordigers was en of hulle as verteenwoordigers gekies was nie. Dit is wat ek probeer vasstel.

HOF : Kom ons draai die ding om. U het baie name hier genoem. Sal dit vir u moontlik wees om vir ons te sê watter van al daardie name wat u genoem het nie by die toesighoudende werksgroep was nie? -- Ja, net een persoon kan en uitsluit daar. Dit is Mamsi Lesitho, wie later met Gebied 24 se "working group" begin werk het as ek reg onthou in die jaar 1984.

MNR. JACOBS : En in 1984 het hierdie hoofgroep nog bestaan? -- Nee, in 1984 het dit nie meer bestaan nie. Dit het eintlik daar in Juliemaand uiteen gegaan.

HOF : Van watter jaar? -- 1983.

MNR. JACOBS : En in 1984 het die gebiede se groepe ook nie meer bestaan nie? -- Dit het nie meer gewerk nie tot op die stadium wat Gebied 13 se groep dit weer wou laat begin het.

U sien, want ek verstaan dan nie jou antwoord dat

jy nou/....

jy nou praat van Gebied - die vrou wat jy nou gesê het wat eers in 1984, ek dink jy het genoem Gebied 14, die Mamsi, watter gebied was sy by betrokke? Gebied 14? Dat jy dit dan vir die Hof kan sê? -- Ja, sy was in Gebied 14.

Hoe kan jy nou sê dat sy daar was en dat hulle weer begin werk het. Alles het dan tot niet geloop in 1983? -- Ek het haar naam genoem as een van die persone wat in Gebied 14 gewerk het. Ek het nie spesifiek ŉ verskil gemaak van die periode, watter periode dit was wat sy daar gedien het nie.

HOF : U sê u het nie ŉ tyd gegee toe sy daar gedien het nie? -- Ja.

Wel, u het vir ons vertel sy het in 1984 by Gebied 14 se werksgroep begin werk? -- Ek het die aanklaer se vraag soos volg verstaan, dat hoekom het ek melding gemaak van haar in die jaar 1984 as alles in 1983 tot niet gegaan het, dat sy gedien het in die hoof "working group"?

MNR. JACOBS : Is jy seker ek het gepraat van ŉ hoof "working group"? -- As u nie daarvan gepraat het nie, moet u maar u vraag herhaal sodat ons nie daaroor stry nie.

Het hierdie vrou nou in 1984 begin by Gebied 14 of nie? -- Sy het in 1984 begin.

En toe jy nou-nou vir die Hof gesê het jy het nie die jaar 1984 genoem nie, was jy eintlik verkeerd gewees? -- Kyk, ek verstaan u nie. As u nou ŉ fout daar sien, sal ek u versoek dat ons daar verbygaan en voortgaan. Ek kan nie sien waarmee dit ons help nie.

Wil u nie my vraag antwoord nie? -- Ek kan nie die vraag antwoord nie.

Ek wil dit aan jou stel dat hierdie "working group", hierdie hoof "working group" en ook selfs die sydelinge

groepe/...

groepe, dat hulle almal het dieselfde standpunt soos jy gehuldig, polities omtrent die regering, omtrent die Swart plaaslike besture? -- Ek stem nie saam met u nie.

Is dit nie so dat hierdie aksiekomitee wat julle gestig het en waarvan jy lid was wat gewerk het vir die stigting van die VCA, dat hulle presies dieselfde siening en gevoel as jy gehad het omtrent Swart plaaslike besture en die sentrale regering nie? -- Ek stem nie saam met u nie.

Was dit dan nie - was hulle nie gekant hierdie aksiegroep en juis gesê dat daar ʼn behoefte vir ʼn gemeenskaps-organisasie is nie, om te beveg die Swart plaaslike besture as onderdrukkers soos dit staan op daardie een plakkaat wat jy self dra? -- Ons het nog nie daar gesit en die dinge bespreek soos u dit nou stel dat dit die gevoel was van die mense wat u vergelyk met my eie siening nie. Daar het ons net gedien met die oog op die stigting van die "civic association". Dit sê ek omdat daar baie mense was wat betrokke was by die aksiekomitee wie se siening ek nou nog nie weet wat dit was nie.

En die doel met die stigting van die VCA, was dit nie juis om opposisie te bied aan die Swart plaaslike besture en die regering nie? -- Die doel van die stigting van die Vaal Civic Association was om dit duidelik te maak dat ons teen die beleid is van die inbring van die plaaslike bestuur in die vorm van die Raad en dan ook die boodskap te kan oordra aan die sentrale regering om hulle bewus te laat word dat ons verwag ʼn beter regering plaaslik as wat hulle vir ons gegee het.

Was die persepsie nie ook van die aksiekomitee dat omdat die Swartmense nie deel gehad het in die opstel van die

wet/...

wet en die inbring van Swart plaaslike besture dat hulle dit daarom verwerp nie?

MR BIZOS : Which action committee are we now speaking of?

MNR. JACOBS : Dieselfde een.

MR BIZOS : VCA or the youth organisation?

MNR. JACOBS : Ja, VCA.

MR BIZOS : If it is VCA, then I have no objection. -- Herhaal daardie vraag? Die stelling was 'n bietjie lank. Ek volg dit nie.

MNR. JACOBS : Was die persepsie van die VCA se aksiekomitee - wag, laat ek dit liewers anders stel van die aksiekomitee voor die stigting van die VCA, was die persepsie nie gewees dat julle verwerp Swart plaaslike besture omdat die Regering julle nie geraadpleeg het nie of die Swartmense geraadpleeg het nie, voor die instelling van Swart plaaslike besture? -- Die doel was daarmee om nie te stem nie, want die sentrale goewerment het nie gesprekke met ons uitgevoer nie en indien hulle dit uitgevoer het, sou hierdie plaaslike bestuur nie op hierdie manier in daardie vorm ingebring gewees het nie.

En dit was die persepsie van die aksiekomitee? -- Ja, dit is so.

Daarom het hulle die Swart plaaslike besture in geheel verwerp? -- Ja, dit is so.

En daarom moes 'n "civic" organisasie gestig word wat daarteen kon optree, teen die Swart plaaslike besture en raadslede? -- Ja, dit is so.

En daarom was die persepsie ook van die aksiekomitee dat almal wat wel meedoen met die Regering en wel in die rade dien of daarby betrokke raak, om te staan vir die rade of

so/....

so, heeltemal nie aanvaarbaar as vir die aksiekomitee nie? -- Ja, dit is so.

En daarom was hulle dan beskou as "puppets" van die Regering en so gesien deur die aksiekomitee? -- As gevolg van wat hulle alreeds gedoen het en wat duidelik was dat hulle dit nog gaan doen, het ons hulle "puppets" genoem.

En ook "sell-outs"? -- Nee, by die aksiekomitee het niemand anders daardie woord gebruik behalwe ek self nie.

Het jy hulle as "sell-outs" ook beskou? -- Ja, dit is so.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

GCINUMUZI PETRUS MALINDI, nog onder eed

HOF : Ek wil net iets sê en dit is dat toe ek sekere vrae gevra het, ek die woord "in opstand" of die frase "in opstand" kon gebruik het. Mnr. Bizos het daarna ŉ beswaar gemaak daarteen op grond van die woordeboekbetekenis van "opstand". Ek dink dat die beswaar gegrond is. Ek het na die woordeboek gekyk en die vraag kon vertolk gewees het as ŉ vraag wat dui op gewelddadige optrede en ek wil dit duidelik stel dat ek daardie vraag gevra het in verband met die protes waarvan die getuie gepraat het en dat daardie vraag niks meer bedoel het as protes waarvan die getuie gepraat het nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Malindi, die ideale Regering, volgens jou definisie hierso, sal ek reg wees om te sê dat ŉ Regering volgens die Freedom Charter sal aan jou vereistes voldoen? -- Volgens my siening sal ek tevrede wees met die goewerment wat volgens die Freedom Charter die land regeer en ingestel word.

Dit sal met ander woorde wees ŉ regering gebaseer op een man een stem? -- Ja, dit is so.

HOF/...

HOF : Een vrou een stem ook? -- Nee, nou is dit eintlik "one persone one vote".

MNR. JACOBS : Is dit ook die persepsie waarmee die aksiekomitee ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek wil net duidelikheid kry oor die vraag. Is u antwoord ŉ minimum vereiste of sê u u sal daarmee tevrede wees maar ook met iets anders? -- Ek sal ten volle tevrede wees met die Regering van die Freedom Charter. Ek weet nie, miskien sal ek nog later ander gedagtes kry, maar op die huidige oomblik sê ek dat ek tevrede sal wees.

MNR. JACOBS : En dit was ook jou gedagte gewees gedurende 1984 en ook 1983? -- Ja, dit was eintlik my verlange gewees dat daar so ŉ Regering moet wees.

En was dit ook die persepsie van die aksiekomitee waarom hulle dan teenstand gebied het teen die nuwe konstitusie en die Koornhof wette?

MR BIZOS : A committee makes decisions or has discussions. We have used the word perception and I have used it myself where one uses an anamorphis and large group. I do not know whether we are not going to introduce without proper definition difficulties in the witness's evidence unless an idea is given as to what is meant by perception of the committee. I do not know what the perception of the committee is.

HOF : Ja, u sal eers moet vra of die komitee hom oor die saak uitgespreek het. As die komitee hom nie daaroor uitgespreek het nie, dan kan u hoogstens vra wat indiwiduele lede van die komitee gesê het daaroor as dit ter sake is.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Van watter komitee praat ons nou hier?

MNR. JACOBS : Dit was nog altyd die aksiekomitee.

HOF/...

HOF : VAC.

MNR. JACOBS : VAC se aksiekomitee.

HOF : Vaal Action Committee.

MNR. JACOBS : Die hele bedoeling - kan jy vir ons sê, was dit die gevoel van die hele raad, ek weet nie of ek dit nou reg stel nie, maar ek sal dit so stel, van die aksiekomitee met die opponering van die nuwe grondwet en die Koornhof wette, het hulle gestel wat was hulle ideaal van ŉ ideale regering? -- Nee, dit het ons nog nie bespreek nie.

Hoe het julle gesê, in julle besprekings wat het julle ooreengekom waarna streef julle as Swart plaaslike besture, kom ons begin by dit, nie aanvaarbaar is nie? -- Nee, ons wou net gehad het dat die Regering ŉ plaaslike outoriteit in werking sal stel wat in staat gaan wees om die behoeftes van die mense daar mee te kan handel.

HOF : U moet net behoeftes definieer. ŉ Mens het behoeftes soos sanitasie, strate, elektrisiteit ensovoorts of daar is baie wyer behoeftes soos toestromingsbeheer, artikel 10, wat u netnou bygehaal het, of daar is nog heelwat wyer behoeftes en dit is stemreg op groot vlak. -- Soos dit reeds deur ons hier bespreek was en verduidelik was wat die mense oor gekla het, byvoorbeeld as volg: Dat daar genoegsame huise gebou word wat eintlik aanvaarbaar is en dat daar huurgelde bepaal moet word wat mense kan bekostig om te betaal. Die ontwikkeling in die lokasie moet voortgaan, byvoorbeeld dat die paaie se toestand verbeter moet word, speelplekke moet beskikbaar gestel word; dat die plaaslike Regering dit so moet werk dat dit nie moeilikheid veroorsaak vir die inwoners sodat hulle nou uitgesit moet word na die tuislande toe nie. Dit is waarvan ek praat.

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Om net ŉ oomblik daarby stil te staan. Was daar nie projekte aan die gang op daardie stadium toe die VAC, die Vaal Action Committee geopereer het dat daar wel huise gebou word nie? -- Daar was.

Was daar nie projekte aan die gang dat plekke geëlektrifiseer word nie? -- Daar was.

Was daar nie projekte aan die gang dat sanitasie aangelê, spoelstelsel sanitasie aangelê en verbeter word nie? -- Nee.

Was daar nie in Evaton sulke projekte aan die gang nie? -- Ek hoor net dat daar so ŉ bedoeling in Evaton was.

Terwyl ons daar is, laat ons net daarby stilstaan. Waar sou die mense nou moes verhoed het, volgens jou eie toesprake wat jy bevestig het op die 26ste by ERPA se vergadering dat die mense nie toegelaat moet word op hulle persele nie, van die polisiebeamptes? Het dit nie te doen gehad met ŉ sanitasiestelsel wat op daardie stadium besig was om gebou te word nie?

MR BIZOS : That was a year later. The meeting of 26 August 1984.

HOF : Waarvan praat u, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS : Weet jy wanneer daardie stelsel in werking gestel is?

HOF : Laat ons nou net duidelikheid kry. U is besig om die getuie aan te vat op wat en op watter stadium?

MNR. JACOBS : Ja, ek het hom gevat oor die tyd voor die stigting van die VAC, die tyd van die aksiekomitee.

HOF : Ons is nou in 1983?

MNR. JACOBS : Ja.

HOF : Sê maar tweede helfte van 1983?

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : Nou het u vir hom gevra was daar nie al hierdie goed aan die gang nie. Op sekeres sê hy ja en op ander sê hy ja. Nou wat nou?

MNR. JACOBS : Ek sal daardie een van die sanitasie - ek het vir 'n oomblik uit die oog verloor dat dit aan die gang was in 1984. Weet jy wanneer die sanitasiestelsel in Evaton in aanvang geneem het? -- Wa ek van weet is dat dit die bedoeling was dat dit begin in die jaar 1984. Ek weet nie of dit ooit begin het nie.

Was daar in die tyd van die Vaal Action Committee enige verbeterings van strate? -- Nee, ek onthou dit nie.

Sê jy dit was nie of kan jy dit nie onthou nie? -- As dit miskien plaasgevind het dat daar strate geteer was, kan ek dit nie onthou nie, maar wat ek wel kan sê is dat die groot gedeelte van die lokasie se strate is maar nog steeds stofpad.

Was daardie paaie in stand gehou? -- Die paaie was net geskraap gewees en ek aanvaar dit nie as 'n pad wat nou eintlik aandag geniet nie, want 'n pad wat aandag geniet volgens my, moet geteer word.

Na die totstandkoming van VCA, was al hierdie dienste nog voortgesit en uitgebrei. Is dit reg? -- Die bou van huise het voortgegaan. Wat die sanitasie betref weet ek nie wat gedoen was of waar nie. Die aandag wat aan die paaie gegee was, was die geskraap van paaie. Dit is juis die tipe aandag wat ek eintlik nie ag op slaan nie.

En in die begroting van 1984 kan jy onthou of die raadslede projekte beplan het en projekte goedgekeur het vir teer van paaie, elektrifisering van die gebiede, sanitasie?

As/...

-- As ek nog reg onthou, die dokument wat die verhoging van huur bekendgemaak het, het melding daarvan gemaak dat hulle van plan was om die strate se toestande te verbeter ensovoorts. Ek is nie seker of ek nog reg onthou nie.

En sal jy met my saamstem die dinge wat jy hierso sê, die regte waarop jy aangedring het, is eintlik dinge wat toegepas was daar? -- As die plaaslike bestuur genoeg magte gehad het, is dit wat ek verwag het dat as ŉ mens in ŉ huis gaan intrek, dan moes daardie lokasie strate gehad het wat in goeie toestand was, elektrisiteit gehad het. Ek wil aan u sê dat ons in daardie huis ingetrek het in die jaar 1974. Tot vandag toe was daar nog nie eers ŉ uitgrawing van ŉ "trench" gewees in die nabyheid van waar ek woon nie. Tot op datum is daardie straat nog ŉ stofpad.

HOF : Bedoel u met ŉ sloot ŉ sloot vir stormwater of vir wat? -- Nee, wat ŉ aanduiding was dat die mense nou van plan was om die elektriese krag aan te lê by my huis waar ek woon. Die huis, toe ons daar ingetrek het, se toestand was baie sleg. Ons kon dit nie eers verbeter kry nie. Dit is nou nog slegs. Ons is nie in staat om dit te kan verbeter nie. As dit u stelling is dat die Stadsraad dit aangepak het om die projekte uit te voer, dan het hulle baie min gedoen in die uitvoering van daardie projekte en ek aanvaar dit nie so nie.

Afgesien van u, het enigiemand nie die probleem nie, aan die een kant is daar sekere projekte wat die Stadsraad moet aanpak, daar is klagtes, na die klagtes moet gekyk word en die projekte moet gedoen word. Maar watter magte daardie Stadsraad ook al in die algemeen het, daardie projekte kos geld en dit word dan gehef vanselfsprekend uit die

tariewe/...

tariewe wat van die inwoners gehef word. Dus, hoe harder 'n mens vra vir projekte, hoe groter is die kans dat die tariewe opgesit word? -- Nee, ek het dit nie so gesien nie. Wat my betref by daardie tyd met sulke versoeke, was dit die regte tyd vir die Stadsraad of die Dorpsraad om dan die sentrale goewerment te gaan vra vir die nodige fooie wat hulle nodig het om dit aan te pak. Ek sal u sê hoekom, want daar is sekere gelde wat by die sentrale goewerment sit. Dit is die belastinggelde wat ons betaal deur die Swartmense wat nooit terugkom na die Swartmense se dienste nie. My siening verder is dat ons het twee dorpsrade, Vereeniging en Vanderbijlpark in die Vaal Driehoek, bymekaar gebring tesame met die Swartwoonbuurtes van daardie Vaal Driehoek wat na verwys word. Die gelde wat spandeer word aan hierdie dorpsgebiede waarvoor die Stadsrade belasting vra van die besighede waar Swartmense gelde spandeer op belasting, daardie geld, as dit bymekaar gebring word, dan het ons net hierdie twee Stadsrade. Dit sou genoeg gewees het vir die vereistes van die gemeenskap in die Vaal as geheel om dit te dek as wat 'n persoon nou meer as twee Stadsrade moet hê waar daardie een nie belasting kan kry van die ander een nie. Met die opskuif van tariewe, soos u dit nou gestel het, sou dit nie so dikwels plaasgevind het soos dit nou gebeur in die lokasies nie, dit is die Swartwoonbuurtes. Dit sou billike verhogings gewees het wat moontlik deur die inwoners bekostig kan word.

Kan ek net duidelikheid kry, u persepsie van hierdie ding, wou u die feit dat daar nou afsonderlike Stadsrade is van Vanderbijlpark en Vereeniging en Lekoa, uitskakel en dan een groot Stadsraad maak? -- Een manier in oplossing van hierdie ding waarvan ons nou praat volgens my was die

volgende/...

volgende. Byvoorbeeld, ons het Vanderbijlpark. Vanderbijlpark is ʼn Dorpsgebied. Dit het ʼn jurisdiksie en daar is sekere Swartwoonbuurtes wat onder Vanderbijlpark se jurisdiksie val. Wat my betref, as dit so bewerk was dat Vanderbijlpark se Stadsraad aandag moet gee aan hierdie voorstede van Vanderbijlpark en die Swartwoonbuurtes daar, dat alles deur hulle gedoen word, sou dit een manier gewees het van vermindering van klagtes teen die Raad en van vermindering van onkostes wat aandag onmiddellik sal kan geniet. Dieselfde geld met Vereeniging. Dat Vereeniging aandag moet gee, dit is die Stadsraad, aan sy voorstede en die Swartwoonbuurtes, dat alles deur hulle gedoen word. Mense wat genoegsame fondse het wat dan nie die probleem gaan veroorsaak dat die inwoners moet kla dat die beheer of die owerhede nie genoeg geld het nie, dus kan hulle nie aandag gee aan die mense se klagtes nie. Dit is een manier wat ek in gedagte gehad het wat die hele ding sou opgelos het om te verhoed dat daar verhogings op huurgelde dikwels moet plaasvind.

MNR. JACOBS : Net vir interessantheid daarby, sou julle dan bereid gewees het om ook aan die Wit Stadsrade die heffings en wat miskien groot sou wees wat hulle gevra het te betaal? -- Nee, dalk, as hulle dit so gewerk het soos ek dit nou net voorgestel het, sou dit nodig gewees het om daardie tariewe selfs vir die Blankes te verminder, want ek sê dit is die Regering se optrede wat veroorsaak het dat dit so moet wees.

Is dit waar die persepsie vandaan kom van ʼn regering volgens die Freedom Charter, want die Freedom Charter se "houses for all"?

MR BIZOS : I do not remember those words.

HOF : Ek weet ook nie wat huise vir almal te doen het met diensteheffings. U moenie ŉ roereier van hierdie saak maak nie, dit is moeilik genoeg.

MNR. JACOBS : Jy het ŉ ander stelling hier gemaak dat daar van die regering, gelde wat mense betaal, wat die Swartmense kry, nooit terugkom van die sentrale regering af nie. Sê vir my, is daar polisiedienste vir gerief van die Swartes in die Swartwoonbuurtes van Vereeniging? Jy kan maar net vir my ja of nee sê. -- Ja, daar is.

Is daar hospitaaldienste beskikbaar vir hulle? --Ja, daar is.

Skole, onderwys? -- Ja, daar is.

So, daar wel tog iets gedoen. Sal jy met my saamstem met dit wat hulle betaal? -- Presies. U sê self "tog iets". Dit is reeds die punt wat ek nie mee saamstem nie, hierdie "tog iets". Hulle moet dinge ten volle doen om ŉ goeie lewe te lei in die lokasies, nie "tog iets" nie.

Jy het gesê niks nie, dit is daarom dat ek die woorde "tog iets" gebruik het. Ek het net drie genoem vir jou. Is dit reg? -- My antwoord was, daardie geld word nie teruggebring na die Swartwoonbuurtes toe om ŉ ontwikkeling te bevorder in die Swartwoongebied nie. As u nou verstaan het dat ek bedoel het ons geld word glad nie gebruik in die Swartwoonbuurtes nie, totaal niks nie, dan sal ek dit so moet beskryf. Ons gelde word nie ten volle gebruik in die Swartwoonbuurtes nie.

Kom ons gaan terug na die aksiekomitee toe. Dit is die Vaal aksiekomitee. Is dit reg dat julle het voor die stigting van VCA nou huisvergaderings by mense gehou om die verwesenliking van so ŉ organisasie te populariseer?

HOF/...

HOF : Ons moet net duidelikheid kry oor die begrip huisvergaderings, "house meetings". Dit kan wees dat enige vergadering wat gehou word in iemand se huis, al word dit elke week in dieselfde huis gehou, 'n huisvergadering genoem word. Dit kan ook wees, dit is die begrip wat u nou mee besig is, dat 'n mens dwarsdeur 'n hele buurt in verskillende huise in verskillende blokke huisvergaderings gaan hou. Dit kan ook huisvergaderings wees. U moet net duidelik maak aan die getuie wat u bedoel en kyk of ons op dieselfde golflengte is.

MNR. JACOBS : Kom ons stel dit so, ter voorbereiding van die stigting van VCA, het die aksiekomitee vergaderings gehou in die woonbuurtes in verskillende huise en dan word by daardie huis die groepe mense wat om daardie huis woon genooi daarnatoe en dan word bespreek die wenslikheid van die stigting van so 'n organisasie? -- Nee.

Dan wil ek verder gaan en sê dat julle het ook van huis tot huis gegaan, dit is die aksiekomitee, om met die mense te praat oor die wenslikheid van die stigting van so 'n organisasie, 'n burgerlike gemeenskapsorganisasie? -- Ek stem nie saam met u nie en ek sal vir u sê hoekom nie. Die huisbesoeke van huis tot huis was met die uitvoering van die "survey" wat ons gedoen het daar en hierop moes mense net gereageer het op dié wat daar was. Ons het nie verdere besprekings met die persone gevoer nie.

HOF : Wat bedoel u met "op dié wat daar was"? -- Ek bedoel daar is sekere vrae wat gevra moes gewees het op die "survey" en die mense het net daarop gereageer deur die vrae te antwoord. Dit is al. Dus, die manier waarop dit aan my gestel word, stem ek nie mee saam nie.

MNR. JACOBS : Het julle nie vir die mense daarso gesê,

gepopulariseer/...

gepopulariseer die gedagte van 'n burgerlike gemeenskapsorganisasie en gesê daar is so 'n behoefte nie? -- Daar was by die vrae 'n vraag gewees wat soos volg was. Of hulle saamstem met die gedagte op die stigting van 'n organisasie van die gemeenskap, waarop die mense bevestigend geantwoord het.

Het julle toe aan die mense gesê dat, jy kom by mnr. X en jy kom in die hoedanigheid as lid van die aksiekomitee omdat julle wil 'n gemeenskaporganisasie stig?

HOF : Laat ons net eers duidelikheid kry. Het u self deel gehad aan die opname, die "survey"? -- Ja, ek is een van hulle.

Het u nie gekry dat die mense, as hulle die vrae moet beantwoord, vir u vra "maar wat is 'n civic" nie? -- Nee, die mense het gevra oor die "residents' organisation".

Was dit die woorde wat gebruik was "residents' organisation"? -- Ja, een van die twee, òf "residents' organisation" òf "community organisation".

MNR. JACOBS : Wat is dan verduidelik? -- Dit was deur my soos volg verduidelik, dat dit 'n organisasie is wat namens die mense sal optree, dit wil sê dié wat probleme het in die woonbuurt.

Het hierdie opname verwys na Swart plaaslike besture? -- Daar was 'n vraag gewees wat eintlik soos volg was. Of die mense tevrede is met die prosedure wat gevolg word deur die Gemeenskapsraad.

Is daar aan die mense verduidelik wat bedoel word met die prosedure? -- Niemand het my daaromtrent gevra nie.

Ek verstaan die vraag dan nie, of hulle tevrede is met die prosedure wat gevolg word. Wat beteken die vraag? -- Die vraag is eintlik, is die mense tevrede met die "community

council/...

council system" en niemand het my daaromtrent gevra wat nou bedoel word met daardie vraag nie.

Het julle nooit aan die mense dan gesê "Maar kyk, ons van die aksiekomitee wat nou werk vir die stigting van ŉ burgerlike gemeenskapsorganisasie sê dit is ons sienswyse oor die prosedure", soos jy dit noem nie? -- Nee, ons het dit nie verduidelik nie.

Het julle ook nie vir hulle gesê watter sisteem beskou julle as wenslik en wat wel sal werk nie? -- Nee, dit het ons ook nie verduidelik nie.

Het julle aan die mense verduidelik hoe gaan julle optree as daar ŉ organisasie gestig word? -- Nee.

Ek wil dit aan jou stel, dit is presies wat ŉ mens sal doen as ŉ mens ŉ organisasie wil verkoop aan die mense, die mense wil kry om ŉ nuwe organisasie te stig, dat jy vir die mense sal sê wat is jou oogmerk met die organisasie, waarna jy streef? -- Die doel van hierdie opname van hierdie persone was omdat ons in gedagte gehad het dat ons ŉ organisasie moet stig vir die gemeenskap. Ons het toe besluit dat as ons nou die mense se gevoelens in breë trekke kan kry, beter ons hierdie opname uitvoer. Die vrae wat betrekking het op hierdie vraagstuk is direkte vrae. Toe ons uitgegaan het met die oog daarop om hierdie opname te doen, het ons aan mekaar advies gegee dat ons ons bes moet probeer om nie ons gedagtes oor te plant op die mense by wie ons opnames gaan doen nie. Wat die mense se reaksie is, sal ons later vasstel met die analise van hulle reaksie.

Reaksie op wat? Om te reageer moet daar tog vir hulle ŉ sekere denkbeeld gestel word? -- Nee, reaksie op die vrae wat ons gevra het, hoe hulle daarop gereageer het. Dit

wat/...

wat u nou aan my stel stem ek nie mee saam nie.

Jy sê dat julle het ŉ koukusvergadering gehou deur die VAC, die Vaal Action Committee? -- Kan u verduidelik watter een u nou na verwys?

Blykbaar het julle ŉ vergadering gehou waar julle ŉ koukus gehou het, dit was jou getuienis-in-hoof oor wie moes staan in die komende verkiesing en wie nie van die VCA? -- Ja, dit het ons bespreek.

Wanneer het die vergadering plaasgevind? -- Nie lank voor die stigting van VCA nie.

Hoe lank voor dit? Kan jy vir ons sê? Die dag voor dit, twee dae voor dit? -- Dit kan ŉ week wees of ŉ paar dae meer as ŉ week.

Voor 9 Oktober 1983? -- Ja, ek sê so, it must have been within ten days before 9 October.

Waar is die vergadering gehou? -- Ek is nie seker nie, want die laaste vergaderings voor 9 Oktober was gehou by Esau en by Mike Kgaka. By watter van die twee is ek nie seker nie.

Dit is ŉ belangrike vergadering as ŉ mens bespreek wie mag gaan deelneem aan die verkiesing en mag staan in die verkiesing en ŉ mens sal dit onthou, is dit nie? -- Ja, dit was ŉ belangrike vergadering gewees. Al wat dit nie net die enigste ding wat daar bespreek was nie.

Op die vergadering was jy beskikbaar en verkiesbaar vir die VCA? -- Nee, ek kon nie staan nie.

Hoekom nie? -- Ek het dit duidelik gemaak onmiddellik na die stigting van hierdie organisasie VCA, gaan ek terug na waar ek van nuuts af sou begin met die stigting van ŉ jeugorganisasie.

Was die besluit nie op daardie vergadering geneem dat jy kon nie staan nie omdat jy moes teruggaan met die voortsetting van die organisasie van die jeug? -- Nee, toe hierdie besprekings begin het, onmiddellik het ek dit bekend gemaak dat ek nie beskikbaar gaan wees om te gaan staan vir die verkiesings vir die VCA nie.

Ek het ʼn nota. My nota lees dat julle het daar ooreengekom op daardie vergadering dat party mense moet staan in daardie eleksie, maar dat jy sal voortgaan met die organisasie van die jeug. Die woord wat ek onthou is "agreed"? -- Ja, dit is reg. Ek is die persoon wat die vergadering daar inlig en die vergadering se reaksie daarop is "Ja, Gcina, ons stem saam met jou. Ons kan nie meer pligte op jou plaas nie." Dit is mos om te "agree".

Julle het daar ooreengekom om die jeug te organiseer, terwyl dit alles al doodgeloop het volgens jou getuienis ʼn rukkie terug? -- Ja, dit is so.

Het die VCA of die VAC, Vaal Action Committee dit baie belangrik beskou dat jy nie ʼn pos kry in VCA nie, maar dat jy spesifiek moet voortgaan met die organisasie van die jeug? -- Nee, dit is nie so nie.

Maar dan verstaan ek jou antwoord nie as jy sê, soos jy dit nou-nou gestel het, hulle het gesê "Ja, Gcina, ons kan nie vir jou meer pligte oplaai nie, jy moet dit doen"?

MR BIZOS : "Jy moet dit doen" is not the witness's evidence.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : "Ons kan nie meer pligte op jou plaas nie."

MNR. JACOBS : "Ons kan nie meer pligte op jou plaas nie"? -- Ek kan nie verstaan hoe u dit vir my so stel dat VAC dit belangrik beskou het nie, want ek is die persoon wat die

vergadering/...

vergadering daar inlig en sê "Mense, daar is iets wat ek moet gaan doen. Dus is ek nie beskikbaar nie." Hulle gee vir my daardie toestemming en sê "Ja, ons verstaan dit." Nou kan ek nie sien hoekom u dit stel as ŉ belangrike ding - dat hulle dit as ŉ belangrike ding beskou het nie.

Was dit nie belangrik gewees om die jeug te organiseer nie? -- Vir wie?

Ek vra, was dit nie belangrik om die jeug te organiseer nie? -- Vir my en die persone saam met wie ek betrokke was in die organisering van die jeug, was dit belangrik en het ons dit as belangrik beskou.

En die persone in die organisering van die VCA ...

K657 (laaste gedeelte van vraag nie voltooi as gevolg van oorskakeling na nuwe kasset) -- Nee, byvoorbeeld, ek wou Edith by my kant gehad het sodat sy saam met ons moet wees en sy het geweier.

Was daar enige ander persone wat nie lede van die Vaal Action Committee was nie wat daardie vergadering spesifiek bygewoon het? -- Nee, net die lede van die Vaal Action Committee was daar teenwoordig.

Was Curtis Nkondo nie daar gewees nie? -- Nee, hy was nie daar nie.

In hierdie koukusvergadering, wat het julle bespreek omtrent ŉ voorsitter van VCA?

MR BIZOS : There has been no evidence about a chairman of VCA, a chairman of the meeting, of the launch. That is what the evidence has been about.

COURT : It may be or may not be. The witness can answer this question.

MR BIZOS : I am merely concerned that there is no suggestion

in/...

in the question that there were talks about the chairman of VCA, because he has given evidence about something else. The chairmanship of something else.

MNR. JACOBS : Ek vra weer, het julle daar bespreek en wat het julle bespreek omtrent ŉ voorsitter vir VCA? --Aangesien VCA nog nie gestig was nie en ons ook nie geweet het wie die voorsitter daarvan sou gewees het nie, was dit dus nie bespreek nie.

Laat ons nou duidelikheid kry. Jou getuienis is, hier het julle ŉ koukusvergadering gehou van mense wat nou gekies moet word op die VCA die dag as hy tot stand kom. Is dit reg? -- Ja.

As ŉ mens dan ŉ koukus hou oor ŉ vergadering en die mense wat gekies moet word op daardie liggaam wat julle wil gaan stig, dan gaan ŉ mens mos die voorsitter van daardie vergadering bespreek?

HOF : Die vraag is of ŉ mens die voorsitter van die stigtingsvergadering gaan bespreek en of jy die voorsitter van die liggaam wat gestig gaan word gaan bespreek.

MNR. JACOBS : Van die liggaam wat julle wil stig, wie die voorsitter van daardie liggaam sal wees, wie julle dink ŉ geskikte persoon sal wees? -- Ons het nie bespreek wie die voorsitter gaan wees van hierdie organisasie wat op die 9de gestig moes gewees het nie

HOF : Beskuldigde nr. 10 het teruggekom. Dit word genotuleer. Kyk, soos ek u verstaan by die koukusvergadering het u besluit die volgende persone van ons sal staan - sal verkiesbaar wees en dus staan vir die komitee? -- Ja, dit is so.

Het u nie ook gesê "Nou maar kyk, mnr. A sal staan as tesourier of vir tesourier en mnr. B. sal staan vir

onder/...

onder-voorsitter" nie? -- Nee, nie spesifiek nie. Al wat ons gesê het was dat hierdie persone is beskikbaar vir verkiesings by enige wat gekies word daar.

MNR. JACOBS : Wie is die persone wat dan daar beskikbaar gestel is as verkiesbaar op die stigtingsvergadering op die komitee van VCA? -- Dorcas, Edith, Mike Kgaka, Johnny Motete, Thabiso beskuldigde nr. 22. Ek kan nie meer onthou wie die ander persone was wat by hierdie vergadering teenwoordig was nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Esau? -- Ja, hy was by die vergadering.

HOF : Is hy verkiesbaar gestel? -- Ons het hom versoek dat hy homself ook maar beskikbaar moet stel vir die verkiesing, waarop hy gesê het hy het baie verantwoordelikhede by die Industrial Aid waar hy werksaam is, waarop hy toe gesê het hy sal nie in staat wees om die Civic Association op ʼn behoorlike manier te kan dien nie. Met die gevolg, hy was een van die mense wat dus nie beskikbaar was vir die verkiesings nie.

MNR. JACOBS : Het hy later ingestem om beskikbaar te wees? -- Sover my kennis strek, tot en met die 9de het hy nog nie ingestem nie.

Het julle daar gestem hoe die mense voorgestel sou word op die vergadering van 9 Oktober 1983? -- Nee, dit was nie bespreek gewees dat die mense voorgestel word op die vergadering van die 9de nie. Instede daarvan het ons die mense aangeraai dat die persone wat in die aksiekomitee gedien het wat voorbereidings gedoen het vir die stigting van die organisasie, nie plek moet inneem op die verhoog nie, want dit gebeur met mense, as julle jou op die verhoog sien sit, wetende dat jy op ʼn komitee gedien het wat voorbereidings gedoen het

vir/...

vir ʼn sekere ding, dan skep dit ʼn swak indruk van jou. Dus moet hulle tussen die ander gehoor plekke inneem. Dit het ons gedoen met die oog daarop om nie die gehoor te beïnvloed met die verkiesings nie, dat hulle nou dink omdat ons op die aksiekomitee was, ons die regte persone is. Ons wou gehad het dat hulle onpartydig, sonder enige beïnvloeding, moet besluit wie hulle kies op die komitee.

Jy sien, dit is vir my ʼn eienaardige ding wat jy nou vir die Hof sê, want jy sê die basis waarom julle hierdie koukus gehou het en hierdie bespreking gevoer het oor watter mense beskikbaar sou wees, is om te verseker dat "proper and trustworthy people who will work to the expectations of the people" dat hulle verkies moet word? Dit was jou getuienis-in-hoof. -- Ja, dit is so, maar ons wou nie verder die gemeenskap die reg ontneem dat hulle nou die komitee moet kies wat hulle self hulle beter sal dien nie.

Jy sien, daar is vir my dan nou heeltemal ʼn duidelike teenstrydigheid in hierdie hele situasie. Aan die een kant wil julle verseker, julle koukus, dat daar vir julle aanvaarbare mense gekies moet word. Dit is jou getuienis-in-hoof. Dan kry jy die kontra daarvan, dan sê jy die mense moes gaan wegkruip of wegsit in die gehoor waar hulle nie op die verhoog is nie en nou kan die mense ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : I am sorry, but the precise words used by the witness appear on page 10 772 and if the typist has correctly punctuated the passage, it does not mean that the election had to be confined to only the people in relation - could I read it to Your Lordship?

COURT : Volume?

MR BIZOS : 205. "Was there any caucusing as to what - as

to/...

to should stand for election? - Yes, that is so." "What was the basis of the caucusing? What sort of people did you want in the committee? - What was said was when the organisation was launched, we would have to choose or elect proper people who would be trustworthy and do their work according to the expectations. We further agreed that some of us who were serving in the action committee can stand for election." What that clearly means is that we should see to it that proper were elected at the meeting, but we further agreed that some of us who were serving in the action committee can stand for elections. It has been interpreted incorrectly.

MNR. JACOBS : Ek dink my interpretasie wat ek gehad het net op 'n nota is baie goed en in lyn daarmee. Dit is nog in die koukus, dit is soos ek dit gestel het, in die koukus is besluit hulle moet verseker dat mense wat aanvaarbaar en "trustworthy" is, dat hulle gekies moet word. Dit is wat hulle moet gaan verseker en dat van hulle mense daarin kan staan. Die betekenis bly presies dieselfde.

HOF : Wat is die volgende vraag? Laat ons eers hoor.

MNR. JACOBS : Die kontra daarvan, toe ek in die rede geval is, is dat nou sê hy dat die mense sou gaan sit het in die gehoor, hulle moet glad nie - die afleiding wat 'n mens maak is om glad nie te verwys dat hulle verbonde is eintlik aan die aksiekomitee nie, maar dat die gehoor heeltemal vrye teuels gehad het om te kies wie hulle wil. Dit is my punt wat ek probeer maak. Aan die een kant moet hulle verseker dat 'n sekere tipe mens gekies word en aan die ander kant sê hy die gehoor was oop gewees om te kies net wie hulle wil.

HOF : Sonder beïnvloeding.

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Sonder beïnvloeding.

HOF : Maar dit is nie noodwendig alles teenstrydig nie.

MNR. JACOBS : Maar die gedagte is dat dit is teenstrydig, die konsep is ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wel, u kan dit maar argumenteer aan die einde van die saak. Wat is u volgende vraag?

MNR. JACOBS : Jy het vir die Hof ook gesê julle ... -- (Getuie vra vir ŉ kort verdaging)

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

GCINUMUZI PETRUS MALINDI, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Malindi, het julle op vergaderings van die aksiekomitee van die Vaal voor die stigting van VCA voor 9 Oktober besluit hoe dat julle die stigtingsvergadering aan adverteer? -- Ja, dit is korrek.

En wat het julle besluit op watter media gaan julle alles gebruik maak vir die advertensie? -- Ons het ooreengekom op pamflette en "posters".

Het julle besluit op enige persverklarings? -- Ja, dit is so.

Het julle enigsins miskien besluit op ŉ luidsprekerstelsel?

HOF : Bedoel u die advertensie per luidspreker of ŉ luidspreker in die saal?

MNR. JACOBS : ŉ Luidspreker om dit te adverteer om dit aan die mense te stel oor ŉ luidspreker? -- Ek kan nie onthou of ons van ŉ luidspreker gepraat het nie.

Het julle besluit om ŉ luidspreker by die saal wanneer die vergadering gehou word beskikbaar te stel? -- Ek onthou

dit/...

dit nie.

Terwyl ons nou daarmee besig is, het jy dit nie daar gesien nie? Was daar 'n stelsel by die saal of nie? -- In die kort tydjie wat ek daar was, kan ek nie onthou dat ek dit gesien het nie.

Ek wil juis vir jou vra oor hierdie kort tydjie wat jy sê jy daar was. Wanneer het jy by die saal aangekom? -- dit was op die einde van die vergadering toe ek daar opgedaag het.

Wat het gebeur toe jy daar gekom het? Wat in die vergadering self was aan die gang? -- Met my aankoms daar was hulle besig met die verkiesing van die laaste persone van die areaverteenwoordigers.

Op julle koukusvergadering, het julle daar besluit dat daar moet ook areaverteenwoordigers wees op die bestuur van VCA? -- Ek onthou dat dit voorgestel was, maar ek kan nie onthou dat dit as 'n besluit aanvaar was nie.

Dit was voorgestel, sê jy, dat daar sal areaverteenwoordigers vir elke gebied wees? -- Ek onthou dat dit by die aksiekomitee bespreek was.

As dit bespreek was kan jy seker vir ons sê hoekom was dit nodig beskou gewees dat areaverteenwoordigers op die bestuur dien? -- Ons het dit goed gesien dat die areaverteenwoordigers in die bestuur moet dien, want hulle sou weer komitees gestig het, dit is die areakomitees. Met ander woorde, dit betrek meer mense van die gemeenskap in hierdie organisasie.

As dit so 'n belangrike ding beskou was, sal jy seker onthou in die koukusvergadering of julle besluit het dat hulle sou verkies moes word, dat julle bestuur sou bestaan

uit/...

uit ook areaverteenwoordigers? -- Ek sê dit is wat bespreek was. Al wat ek nie kan onthou is, is of ons enige besluit daaromtrent aanvaar het of nie.

Omtrent die pamflette, het julle besluit in watter taal om dit uit te gee? Sou dit verskillende pamflette gewees het en wat die bewoording sou wees? -- Ons het 'n besluit geneem dat die pamflette in Engels, Zulu en Sotho geskryf sal word.

En het julle gesê dat daar enigiets op gemeld word omtrent organisasies wat daarop mag verskyn se wapens, logo's of bewoordings? -- Nee, behalwe dat ons besluit het dat heel onder sal hierdie pamflet dit duidelik moet maak van wie af dit afkomstig was.

Op die plakkate, het julle daar besluit om enige organisasie se tekens of logo's of wapens daarop aan te bring? -- Nee.

Het julle besluite geneem omtrent die aankondiging van wie die sprekers sal wees op julle pamflette? -- Ja, dit is besluit.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K658 GCINUMUZI PETRUS MALINDI, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Malindi, op hierdie vergadering, toe julle nou die pamflette en die plakkate bespreek het, het julle daar besluit ook op daardie vergadering dat hierdie pamflette en plakkate moet 'n boodskap uitdra aan die gemeenskap dat die aksiekomitee gekant is teen die raadstelsel? -- Nee, ons het hierdie vraag begin antwoord vir ons self, wat is eintlik die ergste wat die gemeenskap oor kla met die beplanning hiervan.

Jy/...

Jy sien, want ek wil dit aan jou stel dat die plakkaat wat julle uitgegee het, BEWYSSTUK AN3 stel dit duidelik "Asinamali Masihlangeni."

HOF : Dit is nie ŉ grief nie.

MNR. JACOBS : Nee. Dan staan daar "meeting" en dan kom daar "No! to high rents" en net onder dit "To community councils," op hierdie plakkaat van julle. -- My antwoord op die vraag is dat dit nie die gevoel van die aksiekomitee was nie. Dit was die gevoel van die gemeenskap as geheel. Dit sê ek omdat die gesprekke uitgevoer was met die gemeenskap deur middel van opnames wat geneem was. Dus het ons besluit op die plakkate. Soos ek alreeds gesê het, dit was nie die gevoel van die aksiekomitee alleen nie.

Maar dit was tog nogtans hulle gevoel ook? -- Dit is wat ek sê, ja. Dinge wat hier uiteengesit is as nee, dit is die dinge wat ons vasgestel het wat die ergste was waaroor die gemeenskap kla.

Maar my vraag was, julle het so ŉ - het julle so ŉ besluit geneem dat dit op julle plakkate moet kom? -- Ja, ons het besluit dat die plakkaat van ons so moet wees soos dit nou hier voorkom.

Het julle ook besluit dat julle pamflet ook dieselfde boodskap oordra aan die mense dat nee, vir gemeenskapsrade? -- Ja, ons pamflet is presies dieselfde waar dit sê nee, op die hoë huur en nee op die gemeenskapsrade.

MR BIZOS : It is not an objection. I just want to say something that may facilitate matters. We have been anxiously waiting for a putting one way or the other from the State as to whether the State admits or concedes or has put in issue whether there was this survey or not. It may have an

effect/...

effect on our preparation. We have reason to believe that some of these forms were seen and they are in the possession of the police, but I am not absolutely certain.

COURT : No doubt we will have clarity on this by the end of the cross-examination.

MR BIZOS : I thought that before moving on to 1984 we could have some clarity. Perhaps My Learned Friends would like to take instructions.

MNR. JACOBS : As daar tyd is, wanneer die tyd kom, sal ek dit aanbring as daar so iets is. Ek moet die Hof sê, ek probeer in die tussentyd - het ek probeer uitvind vanoggend al of ons van daardie vorms het. Of ek van hulle in die hande kan kry. Net om dit af te rond waar jy gesê het dit is ook op julle pamflette gesê, dit is BEWYSSTUK AN5 waarop dieselfde voorkom. -- Ja, AN5 is die pamflet waarna ek verwys.

Is ek korrek om te sê dat julle doel was om die boodskap baie duidelik tuis te bring onder die gemeenskap dat hierdie aksiekomitee is gekant teen die raadstelsel? -- Ons het dit duidelik gemaak aan die gemeenskap dat dit eintlik die gevoel is van die gemeenskap dat dit bekommerd is oor die hoë huur en ook die stigting van die gemeenskapsraad en hulle is verantwoordelik vir die verhoging van huur. Dus, dit is die boodskap wat oorgedra was.

Ek sien nêrens in jou pamflet of op jou plakkaat wat uitgegee was deur die aksiekomitée dat dit gesê is die gemeenskap neem hierdie standpunt in nie, maar dit is pertinent onder die naam van die aksiekomitee daar uitgegee? -- Dit is my antwoord op die vraag wat die volgende is, dat dit nie net die aksiekomitee se gevoel was wat vervat word in hierdie pamflette of plakkate nie. Dit is ingesluit die gevoel

van/...

van die gemeenskap in die sin dat daar ŉ opname geneem was en daarmee het ons die gevoel van die gemeenskap gekry. Dus wat hier vervat word is ŉ uitdruk van die gemeenskap se gevoel in die sin dat dit deur middel van ŉ opname bekom word.

HOF : Sou die pamflette en plakkate nie wees in Zulu en Sotho en Engels nie? -- Daar was pamflette gewees in al drie tale, ingesluit Zulu en Sotho. Dit is nie almal by die Hof ingehandig as bewysstukke nie.

Maar hierdie pamflet, AN5 byvoorbeeld, wat sê u? Sê u dit is ŉ Engelse pamflet of sê u dit is ŉ Zulu pamflet of wat sê u is dit? -- Hierdie een sal ek aanvaar as ŉ Engelse pamflet hoewel daar miskien twee woorde heel bo in Zulu aangeteken is.

Nou waarom is daar twee Zuluwoorde op ŉ Engelse pamflet? -- Dit is ŉ slagwoord. As ŉ mens dit gebruik in Zulu gee dit die betekenis daarvan ten volle. ŉ Mens verstaan dit beter as wat ŉ mens dit in Engels sou gebruik het.

Is dit dan ŉ bekende slagspreuk of slagkreet? -- Dit is ŉ bekende slagspreuk.

ŉ Slogan? -- ŉ Slogan wat baie goed bekend is.

Albei van hulle? -- Masihlanganeni is nie ŉ slagspreuk nie, maar vir my, soos dit nou hier geskryf staan, gee dit die boodskap beter verstaanbaar as wat ŉ mens dit in Engels sou geskryf het. It is more appealling.

Ja, maar hierdie is nou ŉ Engelse pamflet. Sou dit meer aanloklik wees vir ŉ Engelssprekende? -- Die bewoording van hierdie pamflet is bedoel vir Zulu- en Sothosprekende persone. Die slagspreuk "Asinamali" met die woord onder van "Masihlanganeni" pas goed bymekaar. Die rede dat dit

so/...

so geskryf was, is deur ons besluit dat dit so gedruk moet word omdat dit bedoel was vir die twee, maar in Engels gedruk. Ek het nie ŉ beter verduideliking daarvoor nie.

Is "Masihlanganeni" dan ŉ Sothowoord? -- Nee, dit is Zulu.

Nou hoe is die pamflet dan gemik op Sothosprekendes? -- Daar was ŉ pamflet gewees wat net in Sotho geskryf was en daar was een wat net in Zulu geskryf was. Die huidige een BEWYSSTUK AN5 beskou ek as ŉ Engelse pamflet want dit is maar in Engels bedoel, alhoewel dit twee Zuluwoorde heel bo bevat.

U sê "Asinamali" is ŉ slagspreuk. Waar kom dit vandaan? As gevolg van my kennis met die lees van koerante, weet ek daarvan dat dit gebruik was in Lamontville gedurende die jare 1980 en 1981. Ek is daarvan ook bewus dat dit gebruik was gedurende die busboikotte wat in Alexandra en Evaton uitgevoer was.

In watter jaar? -- Dit is wat ek in die koerante gelees het. Dit was in die middel van die 50's, 1956 daar rond. Ek het weer gehoor dat daardie slogan gebruik word in Evaton in die jare 1980 en 1981.

Met wat? -- Dit was gebruik by protesvergaderings van die Evaton Ratepayers Association. Ook by die vergaderings van Esau Lomosi. Hy is ook van Evaton.

Wat het gebeur in Lamontville in 1980 en 1981? -- As ek nog reg onthou was dit tydens die verhoging van huur te Lamontville en een van die raadslede Msise Dube het nie daarmee saamgestem nie. Toe was die slagspreuk gebruik.

Ja, maar wat het daar gebeur? Het die mense optogte gehou of was daar ŉ busboikot of wat was aan die gang? --

Dit was gebruik in protesvergaderings wat hulle gehou het.

Het julle in die VCA hierdie "Asinamali" as ŉ soort lyfspreuk of slagspreuk aanvaar? -- By die aksiekomitee het ons dit goed gesien om gebruik te maak van hierdié slagspreuk indien ons in ŉ posisie gevind word waar van ons nou verwag word om geld te betaal en die gevoel is dat ons nie daardie soort van geld het om te betaal nie, dan kon ons hierdie een gebruik het.

MNR. JACOBS : Die tweede woord daar "Masihlanganeni", wat beteken dit nou, aangeval deur "asinamali" volgens jou definisie? -- Let us unite.

Omdat ons nie geld het nie? -- Ja, dit is so.

En die boodskap wat julle hier uitdra van "Let us unite" aan wie dra julle hierdie boodskap oor, wie moet "unite"? -- Dit is die gemeenskap in die Vaal wat homself vind in hierdie toestand.

Nee, maar dit antwoord nie my vraag nie. Ek vra vir jou, wie moet "unite", wie moet verenig? -- Die gemeenskap.

En teen wie moet hulle verenig? -- Om in staat te wees om eie probleme te kan oplos.wat destyds bestaan het.

Is dit teen die "community councils" waarvoor hulle dan sê verenig en nou die "community councils"? -- Nee, wat hier bedoel is, is die volgende, dat die gemeenskap moet "unite". Na hulle "unite" het, sal hulle in staat wees om teen die hoë huur te kan - teen die probleme te kan baklei wat destyds bestaan het, soos die hoë huur. Hulle moet verenig om te bewys dat hulle nie die gemeenskapsraad aanvaar nie, sodat die sentrale goewerment die gemeenskap tevrede kan stel.

MR BIZOS : In view of this cross-examination I would ask Your Lordship and the learned assessor with respect to take

particular/...

particular notice of the election slogans around this court because we will ask Your Lordship to take judicial notice of that.

COURT : Well, if you want any particular one that you want us to take notice of, put it to any witness or get an agreement on it and we will put it on record. It would be better than us taking notice of slogans that you may never have heard of.

MR BIZOS : We will follow that and we will ask the State to admit that.

COURT : If it is not admitted, you can steal a couple of posters.

MR BIZOS : I will be careful about that.

MNR. JACOBS : In Lamontville, was daar destyds in 1981 opstande gewees, onluste is ŉ beter woord? -- Nee.

En in Alexandra met die busboikot? -- Nee.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wanneer sê u was die Alexandra busboikot? -- In die middel van die 50's, om en by 1956.

Dit is voor u geboorte? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : En dan in die ander gevalle wat plaasgevind het in Evaton wat jy van gepraat het, was daar onluste gewees? -- Nee.

In enige van hierdie gevalle deur jou genoem, was daar ooit klipgooiery of brandstigting gewees? -- Ek het nie daardie kennis nie.

In julle vergadering van die aksiekomitee, wat het julle besluit en bespreek daarso met hierdie sinsnese "Organise or be homeless"? -- In ons besprekings, was die volgende bespreek dat dit duidelik is dat mense as gevolg van die huurgelde wat hulle nie kan bekostig om te betaal nie, se huise word

toegesluit/...

toegesluit. Van die mense kan dit nie weer bekostig om weer die huise te besit nie en dit gaan voort. Dit was bespreek met die ontkoppeling van die beleid van die Departement of die goewerment wat besluit het dat hulle nie meer huise in die lokasies gaan bou nie. Alles dit in gedagte gehou, het ons toe gedink dat behalwe dat ons nou die gemeenskap kry om bymekaar te kom en te organiseer, sal ons op die ou end sonder huise wees as dit nie op ŉ manier georganiseer word dat die owerhede weer aangaan met die bou van huise nie.

Is dit die massas wat dan georganiseer moes word? -- Ja, die massas in die Vaal. Die gemeenskap in die Vaal, dit wil sê in groot getalle, nie die massas in die sin wat u dit gebruik nie.

HOF : Wat verstaan u onder die massas in die sin wat die aanklaer dit gebruik? -- Ek weet regtig nie wat hy daarby wil sê nie, maar wat my pa is, elke keer as ons praat van organisasie, dan praat hy daarby van massas, massas. Dit is hoekom ek dit duidelik stel.

MNR. JACOBS : ek het verwys na ŉ pamflet wat gaan oor die Vaal wat julle uitgegee het om julle te organiseer, is dit nie bedoel vir die massas in die Vaal nie? In die woongebiede van die Vaal nie? -- Toe hierdie pamflet voorberei was, was dit bedoel vir die uitnodiging van die gemeenskap in die gemeenskap se meerderheid.

HOF : U bedoel totaliteit? As u sê meerderheid, bedoel u totaliteit of bedoel u die meerderheid? -- Daarby bedoel ek die meerderheid in die sin dat die meerderheid wat ons kon gekry het by hierdie vergadering.

MNR. JACOBS : Die pamflette en plakkate, wie was opdrag gegee om dit te bekom, om dit te laat druk? -- Ons het

Tembekile/...

Tembekile Sahluko versoek om na MARS toe te gaan.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : M-A-R-S? -- Ja, dit is so. Om die persone te gaan vra om namens ons hierdie soort van ꞌn pamflet te maak. Thabiso, beskuldigde nr. 22, het ons versoek dat hy die mense van STP nader en hulle ook versoek om vir ons ꞌn poster soortgelyk aan hierdie een, AN3 te laat maak.

MNR. JACOBS : Waarvoor staan STP? -- Screen Training Project.

Waar is die organisasie? -- Iewers in Johannesburg. Ek was nog nie by hulle kantore gewees nie.

Weet jy onder watter organisasie hulle sorteer? -- Nee, ek weet nie.

Het julle nie nog mense afgevaardig om saam met beskuldigde nr. 22 te sorg vir hierdie pamflette en plakkate nie? -- Nee, ek onthou net die twee wat ek al genoem het.

Die twee wat jy genoem het? -- Ja.

Was daar op julle vergadering ꞌn bespreking gevoer dat julle sal publikasies van ander organisasies kry wat versprei sou word in die Vaal en spesifiek ook op die dag van die stigtingsvergadering? -- Ek onthou nie dat ons so iets bespreek het nie.

Is dit nie daar waar Thembekile Sahluko ook SASPO National en The Eye kry vir verspreiding nie, eintlik vir verkoop nie? -- Nee.

Was daar enige bespreking gevoer dat enige van julle aksiekomiteelede skakeling sou hê met UDF? -- Nee.

Weet jy of enige lede van die aksiekomitee voor die stigting van VCA deelgeneem het aan vergaderings van UDF as lede of verteenwoordigers van ꞌn aksiekomitee? -- Nee.

Het julle groot klompe van die pamflette bestel, duisende? -- Ja, ons het dit in ꞌn groot getal gekry.

Kan/...

Kan jy vir ons sê hoe ŉ groot getal? -- Ek weet nie maar dit was tussen twee- en vyfduisend gewees.

En die plakkate, het julle ŉ groot aantal daarvan bestel? -- Ons het tweehonderd gemaak.

Stem jy saam dit is redelik duur om so baie plakkate en pamflette te kry? -- ja, ek stem saam.

En sal jy saamstem dat tensy ŉ mens hulp kry daarmee dan sou julle wat nie geld gehad het nie dit nie eintlik kon dra nie? -- Dit was wel baie geld betrokke gewees. Soos ek sê ons het ŉ groot gedeelte van die bedrag geld, BEWYSSTUK AN5 betaal. Vir die poster het ons baie min betaal.

Wie het julle gehelp met die betaling of met die voorbereiding daarvan? -- Is dit nou aangaande die poster?

Wat julle ook al betaal het vir beide? -- Wat die pamflet betref kan ek nie meer so goed onthou nie, maar geld wat ons betaal het daarso was R40,00 of nie minder as R40,00 nie.

Vir die pamflette? -- Ja.

En hoeveel het dit gekos, die totale bedrag vie die pamflette? -- Ek kan nie onthou hoeveel dit gekos het in totaal nie.

En die plakkate? -- Ons het baie min daarvoor betaal want ons het self die goed gedoen, al het die mense van STP ons gehelp. Ons het net betaal vir die brandstof, want hulle was self ook in die Vaal gewees. As ek reg is, het ons R6,00 betaal vir die petrol en toe betaal vir die materiaal wat ons gebruik het wat aan hulle behoort het vir die ink, papier. Vir die materiaal het ons nie meer as R10,oo betaal nie.

Jy sê ons .. -- En ook om die middagete aan hulle te

voorsien/...

voorsien.

Het julle gaan help met die druk van die plakkate? -- Ja, dit is so.

Wie het gegaan om te gaan help met die druk van die plakkate? -- Ons was baie lede van die aksiekomitee. Ek dink ons was omtrent dertig plus.

MR BIZOS : Perhaps My Learned Friend did not hear the answer properly. They did not go to the screen process. The screen process came to them.

MNR. JACOBS : Kan ons dan net duidelikheid kry. Die druk van die plakkate, waar het dit plaasgevind?

HOF : Small Farms, Hulle was omtrent dertig. Hulle moes nog middagete koop vir die screen process mense. Dit alles het uit R10,00 gekom.

MNR. JACOBS : U het gesê op die vergadering van die aksiekomitee is besluit dat jy gaan voort met die organisasie van die jeug. Het jy toe voortgegaan? -- Ek was toegelaat om voort te gaan met die stigting van die jeug se organisasie, maar ek het nie voortgegaan nie.

Tot wanneer toe het jy versuim om voort te gaan? -- Tot in Meimaand 1984.

Het jy in al daardie tyd geweet van enige ander gebiede se jeugorganisasies wat voortgegaan het, hetsy "congress" of organisasie, jeug "congress" of organisasie? -- Wat ek destyds geweet het was dat die groepe saam met wie ek gewerk het, het nie meer gefunksioneer nie. Ek was wel bewus van die feit dat te Bophelong is daar mense wat hulle self noem Bophelong Youth Association.

En in Boipatong? -- Nee, ek het nie geweet nie.

Het jy daar van enigiets gehoor toe jy nou weer in

Meimaand begin met die jeug? -- Daar was nie mense gewees wat aan ons bekend was aan wie hulle onsself kon voorgestel het in daardie tyd nie.

Ek wil dit aan jou stel dat daar was 'n Bophelong Youth Association wat opgetree het in die Vaal en dat hulle op 7 Februarie 1984 gefunksioneer het daar? -- Ek het nie vantevore gehoor van Boipatong s'n nie.

Maar jy kan nie betwis dat dit die geval is dat hulle gefunksioneer het nie? -- Ek sal dit nie kan betwis nie, maar ek was nie van hulle teenwoordigheid bewus nie.

Want hoekom ek dit vir jou stel en vir jou sê is, want ons het hier in BEWYSSTUK AN9 - dit is skrywe wat gerig is gesamentlik deur Bophelong Youth Association en Boipatong Youth Organisation and Boipatong en Bophelong Civic Association? -- Ek sien aan die einde van hierdie BEWYSSTUK AN9 heel onder. Ek weet nie van die bestaan van Boipatong Youth Organisation nie. Boipatong en Bophelong Civic Association weet ek nie van nie.

En as jy kyk na AN10, dit is weer 'n dokument deur beide daardie organisasies, jeugorganisasies uitgereik. Ongelukkig het die dokument nie 'n datum nie. -- Ek sê ook so, daar is nie 'n datum nie.

Daar is nog ander organisasie ook by, maar ek wil net spesifiek die jeug vir jou noem. -- Soos ek alreeds gesê het, ek weet nie van die bestaan van Boipatong Youth Organisation nie.

Beskuldigde nr. 11, Sekwati John Mokoena, het jy hom daardie tyd geken? -- Ek het hom leer ken met hierdie verhoor.

Net om dit af te sluit, beide hierdie twee dokumente was gekry by beskuldigde nr. 11, Sekwati John Mokoena. -- Ek

betwis/...

betwis dit nie.

Gedurende November 1983 het jy en ander lede van die VCA ʼn opleidingskursus bygewoon te Daleside. Is dit korrek? -- Nee, dit is nie so nie.

Op 19 Februarie 1984 het jy ʼn massavergadering bygewoon ek dink dit is die massavergadering waar die gebiedskomitee van Gebied 7 gestig is? -- Nee, ek was nie daar nie.

Ontken jy dat jy daar was? -- Ek was nie daar teenwoordig nie.

Waar was jy op daardie stadium gewees, dit is in Februarie 1984? -- Ek het die hele tyd by my ouers se huis gewoon.

Niks politieke vergaderings bygewoon nie? -- In Februarie het ek geen vergadering bygewoon nie.

In Januarie was jy ook heeltemal onaktief. Het jy toe ook nie vergaderings bygewoon nie? -- Ek kan nie onthou dat ek in daardie tyd ʼn vergadering bygewoon het nie.

Kom ons gaan direk na een toe. Het jy in Junie 1984 ʼn herdenkingsdiens bygewoon? 16 Junie herdenking? -- Ja, ek het.

Wie het daardie diens gereël? -- Sover as wat ek weet was dit die Vaal se COSAS.

COSAS Vaal het daardie een gereël? -- Volgens my kennis, ja.

<u>HOF</u> : Waar is dit gehou? -- St Michael's Anglican Church Gebied 13.

<u>MNR. JACOBS</u> : Om dit net ʼn bietjie uit te brei, die vorige jaar 1983, 16 Junie herdenkingsdiens, wie het dit gereël, as daar een was? -- Wat my kennis betref was dit gereël deur Vaal COSAS.

HOF : Waar is hy gehou? -- Roman Catholic Zone 12.

MNR. JACOBS : Die vorige jaar s'n is die een waar julle die mense gevra het om agter te bly vir die stigting van VCA, mense wat belangstel daarin, toe was dit nog nie VCA nie, maar in elk geval vir die stigting van 'n burgerlike organisasie, gemeenskapsorganisasie en die mense wat moes agterbly vir die stigting van 'n jeugorganisasie? -- Ja, dit was by hierdie herdenkingsdiens dat hierdie kennisgewings gemaak was.

HOF : Hoe werk dit? Is daar in 'n dorpsgebied een herdenkingsdiens of is daar baie herdenkingsdienste? -- Gewoonlik word daar net een gehou in 'n gebied, maar in 1984 onthou ek dat daar twee herdenkingsdienste gehou was.

Hoekom was daar twee? -- Omdat daar nie 'n goeie samewerking was tussen COSAS en AZAPO nie. Dus is hulle uitmekaar en het elk syne gehou.

So 'n herdenkingsdiens is vir die ouer mense en die jeug of net vir die jeug? -- Dit is bedoel vir beide wat deel wil neem aan die herdenking van hierdie dag.

MNR. JACOBS : Ek wil net iets vra oor hierdie dubbele herdenkingsdiens deur twee organisasies. Is my afleiding korrek, dit lyk my jy het toe op daardie stadium heelwat kennis gedra van COSAS se aktiwiteite omdat jy geweet het hulle kon nie met AZAPO saamwerk nie? Of was dit algemene kennis in die Vaal? -- Wat my kennis betref was daar maar hierdie probleem van nie goed oor die weg kom tussen COSAS in die Vaal en AZAPO nie sedert die bestaan daarvan. Hierdie dag terwyl ons daar gesit het, het daar ander persone opgedaag wat geëis het dat AZAPO se ondersteuners moet na Small Farms toe gaan by die Roomse Kerk. As gevolg daarvan

het/...

het daar toe 'n woordewisseling ontstaan. Dit is hoe ek dan bewus geword het dat daar 'n misverstand is wat ontstaan het.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 30 APRIL 1987.

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-7-209**
*Document Title:-* **Vol 209 p 10965-11029. Witness: GP Malindi**